


DOLOS

Afrikaanse Taal en literatuur UV

Departementshoofde van toeka tot nou



DR. D.F. MALHERBE 1919 - 1990



H. VAN DER MERWE SCHOLTZ 1931 - 1981



PROF. B. KOK 1917 - 1997



PROF. W.J. EUBENDHORST
1900 - 1972




PROF. G.J. BEUKES 1973 - 1978




PROF. C. VAN HEERDEN 1979 - 1979



Prof. Angelique van Niekerk
Departementshoof
(2014 - ...)



PROF. H.P. VAN COLLER 1989 -



PROF. J.H. GENEKAL 1980 - 1982



PROF. M.C.J. VAN RENSBURG 1982 - 1988



Inhoud

Redakteursbrief	1
<i>Corlietha Swart</i>	
Willkommen und Abschied ... und was dazwischen liegt.....	3
<i>Ingrid Smuts</i>	
André P. Brink – in memoriam	10
<i>Corlietha Swart *</i>	
Verskeidenheid sprekers as huldiging aan Brink (2015).....	12
Kopieskryfwerkswinkel 2015: aangebied deur	
Claudi Potter van <i>Joe Public</i>.....	12
<i>Prof. Angeliqué van Niekerk</i>	
Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN)-beurse	13
<i>Prof. Angélique van Niekerk</i>	
Die taalbeleid van die UV	15
<i>Die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans (2015-standpunt)</i>	
Marion Holm kuier by die departement	17
<i>Corlietha Swart</i>	
<i>Fifty Shades of Grey</i> by die UV ontleed (2015)	18
<i>Francois Smith</i>	
Simon Bruinders kuier by die departement op 5 Augustus 2015	19
<i>Corlietha Swart (foto's en onderskrifte)</i>	
Nederlandse Winterschool 2015 in Stellenbosch	21
<i>Adriaan de Ridder</i>	
Een Zomercursus in Zeist	21
<i>Marianne Elsenaar</i>	
Verhale van die 2015-inname vir die MA in	
<i>Kreatiewe Skryfkuns</i>	26
<i>Dr. Francois Smith</i>	
Verweer	26
<i>Engemi Ferreira</i>	



dolos

Mynharten Ninevé.....	31
<i>Charl-Pierre Naudé</i>	
Die winter is verby	35
<i>Gerrit du Preez</i>	
Quality Street.....	40
<i>Sandra Botha</i>	
Verslag oor die slypskool vir die Nasionale Poort skryfwedstryd van 2015.	43
<i>Dr. Anthea van Jaarsveld (Organiseerder)</i>	
'n Gedig? vir my ma	44
<i>Sisca Julius</i>	
Voor ete	45
<i>Jaco-Louis Venter</i>	
Die tweede dans	47
<i>Neline Labuschagne</i>	

dolos





Redakteursbrief

DOLOS is die gedigitaliseerde departementele akademiese tydskrif van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die Fakulteit Geesteswetenskappe van die Universiteit van die Vrystaat.

Dolos 2015 gee terugvoering oor vele uiteenlopende bedrywighede waarmee studente en dosente hul deur

die loop van die afgelope jaar besig gehou het op plaaslike, nasionale en ook internasionale vlak. Dit is ook die jaar, na die aftrede van prof. Hennie van Coller in 2014, waarin die departement vir die eerste keer in die geskiedenis 'n vroulike departementshoof gekry het in die gestalte van prof. Angelique van Niekerk. Dit was ook die jaar waarin Ingrid Smuts van die afdeling Duits afgetree het, Agnes Harms in haar plek van Julie 2015 af aangestel is en dr. Francois Smith, skrywer van die pasverskene trefferroman, *Kamphoer*, as letterkundedosent by die afdeling Afrikaans en Nederlands aangesluit het.

In 'n tydvak waarin Afrikaans in die onderwys- en tersiêre sektor toenemend onder geweldige druk geplaas word en die gevaar loop om uit die universiteitsstelsel gerangeer te word, is dit verblydend om te sien hoe die sprekers van hierdie dinamiese taal woeker met hul talente en hoe hul juis in Afrikaans presteer en erkenning daarvoor ontvang – nie net op plaaslike vlak nie, maar ook op nasionale en selfs internasionale vlak. (Wat 'n kwade dag sal dit nie wees as 'n ten volle terminologies-ontwikkelde taal, soos Afrikaans, weens ideologiese redes, op die brandstapel geplaas word nie.) Frans en Duits woeker ook onvermoeid, net soos Afrikaans, op hulle onderskeie taalakkers. Die dinamiek van die lede van die breër departement en die studente verstom jaarliks. Wat dit soveel te meer merkwaardig maak, is dat hierdie aktiwiteite en prestasies meestal buite die formele doseerlading van dosente en klasaktiwiteite van studente plaasvind in “gesteelde tydies”.

Geniet elke krieseltjie leesgenot van Dolos 2015 wat ten doel het om die departementele geskiedenis vir die nageslag tasbaar te preserveer! Al moes ons noodgedwone wegbeweeg van die gedrukte Dolosformaat weens UV-befondsingsbesnoeiings, preserveer Dolos steeds jaarliks getrou digitaal die departementele geskiedenis. Al staan die geskiedenis



dolos

nou nie meer in tasbare boekformaat (soos bottels ingelegde vrugte) op 'n boekrak nie, is die verskillende jare se digitale Dolos-weergawes voortaan op ons departementele webwerf beskikbaar en sweef die geskiedenis vir ewig verewig êrens op 'n digitale wolke, amper soos 'n departementele "siel", bo die *Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans* van die UV rond – onaantasbaar deur mot, roes, verweer en vuur ...

Lekker lees!

Corlietha Swart

Redakteur: *Dolos* 2015

dolos



Willkommen und Abschied ... und was dazwischen liegt

Ingrid Smuts



Mark Twain het op 'n keer gesê: "There is no security in life, only opportunity". Soms kom geleenthede oor jou pad wanneer jy dit die minste verwag. Uit die bloute 'n telefoonoproep. Sou ek daarin belangstel om tydelik-deeltyds met die administrasie en gespreksklasse in die afdeling Duits te kom help? Ja, nogal, dankie. Ek dink dit sal vir my lekker wees. Dis hoe ek 16 jaar gelede by die afdeling

Duits aan die Universiteit van die Vrystaat beland het. Ek was amper 50. En dit was die begin van 'n nuwe avontuur, 'n nuwe hoofstuk in my lewensreis, een wat my lewe verruim en verryk het en wat ek verder op my pad met dankbaarheid en waardering sal koester. Die Smuts-egpaar, Jan en Ingrid, gereed vir aftrede, maar steeds weeklikse Park Runners op Naval Hill (Red.).

Op daardie stadium was ek reeds tien jaar indirek aan die UV verbonde, want ons het in April 1989 Vrystaat toe gekom toe my man, Jan, 'n aanstelling in die department Engels se letterkunde-afdeling aanvaar het. Ek onthou hoe ons douvoordag die lang pad van Windhoek na Bloemfontein aangedurf het – Jan in die propvolgelaaide bakkie en ek in die blou stasiewa met ons twee dogters wat toe onderskeidelik 7 en 5 jaar oud was – opgewonde en nuuskierig oor wat ons te wagte is, want ons het die Vrystaat eintlik glad nie geken nie, behalwe vir 'n paar maal se deurry van die Kaap af Johannesburg toe. Nou het ons gekom om behoorlik hier nes te skrop – ten minste vir 'n klompie jare.

Om in die Vrystaat te kom woon, was nie so 'n groot aanpassing nie. Gedurende ons vyf jaar in Namibië, het ons leer lief word vir die oop ruimtes, klipkoppies, doringbome, somerreën en donderstorms, 'n omgewing so heeltemal anders as dit waaraan ek, wat in die Wes-Kaap tussen see en berge grootgeword het, gewoond was. En daar is nogal ooreenkomste tussen Windhoek en Bloemfontein. Albei plekke het 'n dorpsgevoel met al die voordele van 'n stad: musiek, kuns, teater, goeie skole, wonderlike geleenthede vir ons kinders, alles sommer net om die draai. Ons het gou hier tuis gevoel, nuwe vriende gemaak, 'n huis gekoop, aangebou, tuin gemaak, 'n dogter ryker geword, nog aangebou.



dolos

Selfs vir die Cheetas begin skree. Ons kinders het hulle skool- en universiteitsloopbane hier voltooi. Die “klompie jare” het tot 26 uitgerek. En dit is te danke aan die Universiteit van die Vrystaat wat met die jare meer en meer ’n integrale deel van ons daaglikse lewe geword het.

My eie betrokkenheid by die afdeling Duits het in 1999 begin en was eintlik ’n uitvloeisel van die universiteit se rasionalisasieproses van 1997. Dis toe dat die drie voormalige outonome departemente Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans tot een departement saamgesmelt het en verskeie professore en dosente vervroegde aftrede aanvaar het. So ook prof. Klaus von Delft, wat reeds in 1963 as lektor in die destydse Departement Duits aan die UOVS aangestel is en vanaf 1971 vir 26 jaar as departementshoof nie slegs die dryfkrag in die Departement Duits was nie, maar ook ’n leidende rol in die fakulteit en die universiteit gespeel het en op verskeie vlakke, nasionaal en ook internasionaal, erkenning geniet het. Weens hierdie rasionalisasie is die “nuwe” afdeling Duits tot een enkele permanent-aangestelde personeellid gereduseer. Prof. Von Delft het na sy aftrede goedgunstiglik nog deelyds by nagraadse onderrig en studieleiding betrokke gebly. Aan die alleen-oorblywende voltydse dosent, mev. Camphie Saayman, is egter ’n amper onmoontlike taak opgelê: daar is van haar verwag om alle voorgraadse taal- en letterkundemodules, asook die beginnerskursus, aan te bied en boonop die administratiewe take van ’n vakhoof te behartig. Die ervare en bekwame akademiese assistent, mev. Hesma van Tonder, se skuif na die biblioteek, het die situasie verder bemoeilik. En dis toe dat ek die telefoonoproep kry en as tydelik-deelydse akademiese assistent en later as junior-lektor in die afdeling Duits betrokke geraak het. Ek het die geleentheid aangegryp en uitgesien na hierdie nuwe fase in my lewe.

Van die begin af het ek in die departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans welkom gevoel, wat grotendeels te danke is aan die goeie gees van kollegialiteit in ons departement. Die afdeling Duits kon wel betreklik vry en onafhanklik binne die departement funksioneer, maar ek was terselfdertyd graag deel van ons groter span.

In my eerste jaar was ek hoofsaaklik met administratiewe en organisatoriese take behulpsaam, maar het ook alle voorgraadse gespreksklasse behartig. Ek het die stimulerende akademiese omgewing en die interaksie met my studente baie geniet. Reeds die volgende jaar is ook die eerstejaarmodules aan my toevertrou. En toe Camphie Saayman aan die einde van 2000 die universiteit om gesondheidsredes verlaat, is die uitdaging aan my gestel om die onderrig van die taalkomponent in die voorgraadse taal- en kultuurmodules, asook letterkunde vir die eerstejaars, oor te neem en later ook die metodiekmodule aan te bied.

dolos



Dié nuwe uitdaging was vir my beslis opwindend. Nie net sou ek my passie om Duits te onderrig kon uitleef nie, maar ek sou ook die geleentheid hê om in my vakgebied te groei, nuwe vaardighede te ontwikkel en nuwe horisone te verken. Maar terselfdertyd was dit nogal skrikbaar, want ek was glad nie seker of ek dit sou kon doen nie. Van 2002 tot 2008 het ek 16 tot 18 klasse per week aangebied en daarmee saam ook al die administratiewe take van vakhoof en assistent behartig. Boonop was ek ma vir drie aktiewe, skoolgaande dogters tussen 8 en 17 jaar en het ook voortgegaan met Duitsonderrig by St. Michael's tot al drie ons dogters klaar was met skool. "Life isn't about waiting for the storm to pass. It's about learning to dance in the rain", sê een van ons koffiebekers. Soms het dit bietjie woensdag gereën, maar ek kon darem op my voete bly, danksy my familie, my vriende en kollegas in ons departement en fakulteit wat my ondersteun en aangespoor het, selfs as klaagliedere gesing is, of stoom afgeblaas is, sodat 'n nuwe dag weer vrolik kon begin.

Veral prof. Klaus von Delft was 'n wonderlike steunpilaar. Prof. Von Delft, wat veronderstel was om sy aftrede rustig te geniet, het ingestem om in die krisisituasie weereens sy onbaatsugtige hulp te verleen en het die letterkunde vir die tweede- en derdejaars asook alle nagraadse modules en studieleiding behartig. Vir 'n paar jaar het hy selfs die beginnerskursus aangebied en in wind en weer op sy bromponie aangery gekom. En dit alles met stille entoesiasme en droë humorsin en sonder om veel in ruil vir al die harde werk te verwag. Hy het altyd, maar altyd vir my tyd gemaak en sy voorbeeld, aanmoediging en vertroue was en bly vir my 'n inspirasie.

So het dit vir 'n hele klompie jare gegaan. Geleidelik is ons versoek om hulp met die administratiewe werk toegestaan in die vorm van studente-assistensie: eers vier, toe agt ure per week en eendelik kon ons in 2007 weer 'n assistent voltyds op kontrakbasis aanstel. Almal was gawe, lewenslustige en besonder hulpvaardige en kompetente studente wat hul Duitsstudies nagraads voortgesit het en elk 'n jaar of twee die afdeling Duits se ratte help olie het - Sanri le Roux, Hanlie Beukes, Lindi Heunis (Rheeder) en Loraine Bester – almal ware ligstrale wat boonop die beginnerskursus met entoesiasme aangebied het.

'n Verblydende ontwikkeling het in 2008 gekom toe dr. Cilliers van den Berg in die afdeling Duits aangestel kon word. Cilliers het sy studies in Duits tot en met sy doktorsgraad onder leiding van prof. Von Delft voltooi en ook oorsig voortgesit. Ek onthou die onderhoud goed, want Cilliers was toe in Nederland en om die video-onderhoud, wat destyds nog nie so 'n algemene prosedure was nie, suksesvol te laat plaasvind, het op albei kontinente 'n geskarrel gekos. In Cilliers van den Berg het ek 'n gawe



dolos

en gewaardeerde kollega gekry en die afdeling Duits weer 'n jong en voortreflike senior-lektor en navorser wat ook vir ons groter departement en die toekoms van Duits aan die UV besonder baie beteken.

In my jare aan die UV het ek ongelukkig nooit by formele verdere studie en geakkrediteerde navorsingsuitsette uitgekom nie en het myself derhalwe ook nooit as 'n ware akademikus beskou of voorgedoen nie. Tog het ek my bes gedoen om die standarde in ons afdeling hoog te hou, my kennis, ervaring en kundigheid in my vakgebied te verbreed en by te bly met nuwe tendense op die terrein van vreemdetaalonderrig. Ek het geleenthede benut om gereeld professionele ontwikkelingsprogramme wat die Goethe-Institut in Johannesburg vir Duitsdosente en leerkragte aangebied het, by te woon. As gevolg van 'n konstante groot lesinglading, kon ek natuurlik nooit sabbatsverlof neem nie. Nogtans was ek besonder bevoorreg om, waar ek dit in universiteitsvakansies kon inpas, met beurse en toekennings van die Goethe-Institut, die IDV (Internationaler Deutschlehrerverein), die Herder-Institut van die Leipzig Universiteit en die Universiteit van Tübingen, asook met eie finansiering aan verskeie DaF (Deutsch als Fremdsprache)-seminare en werkswinkels in Duitsland en Oostenryk te kon deelneem. Met Cilliers se koms het my lesinglading tot slegs 12-13 uur per week gekrimp, dus het ek kans gesien om in 2009 in die universiteitsstad, Jena in Duitsland, 'n referaat te lewer by die IDT (Internationale Deutschlehrertagung) se internasionale kongres waaraan oor die 3000 Duitsdosente en leerkragte van oor die hele wêreld deelgeneem het. Die kongres was 'n belewenis en ek waardeur die ondersteuning van die dekaan wat dit vir my moontlik help maak het. Ook wil ek my dank en waardering betuig teenoor die Goethe-Institut, die IDV en die betrokke Duitse universiteite vir die ruim beurse wat ek ontvang het. Elke geleentheid was vir my 'n wonderlike leersame en verrykende ervaring, en so ook tot voordeel van ons studente.

Wat was so besonders aan hierdie seminare en werkswinkels? Elke een was vir my 'n geleentheid vir intellektuele en professionele groei en 'n bron van inspirasie. Ek kon telkens nuwe energie, nuwe perspektiewe en 'n hele klomp nuwe idees en materiaal saam huis toe bring om met studente te deel. Elke dag was tot op die minuut beplan en propvol lesings, besprekings en aktiwiteite. Die aanbieding was eerder informeel en interaktief, die atmosfeer ontspanne. Tyd is ook ingeruim vir 'n veelsydige kultuurprogram en prettige uitstappies. En om saam met sowat 20 tot 30 Duitsdosente en leerkragte uit ongeveer net soveel lande uit alle uithoeke van die wêreld te kon werk en leef, was natuurlik vir my vreeslik lekker. So het ek die interessantste mense ontmoet en heeltyd

dolos



het ek massas materiaal versamel wat ek weens die gewigkwessie in geel kartonne huis toe gepos het om weer in my klasse te kon aanwend.

Ek was bevoorreg om oor die jare heen belangstellende en meestal gemotiveerde en ywerige studente uit wyduiteenlopende studielewende in die klas te hê. Dit het bygedra tot interessante en lewendige studente-aanbiedings en gesprekke oor diverse temas, soos argitektuur, kuns, musiek, filosofie, ekonomie, die regte en die natuurwetenskappe en natuurlik aspekte uit die literatuur en taalkunde. Dit was vir my baie bevredigend as van ons tweede- en derdejaarstudente die gevorderde B2- en C1-eksamens – sommige met lof (92%+) – kon slaag, aangesien hierdie eksamens as maatstaf kan dien vir die standarde wat ons probeer handhaaf. Verskeie van ons studente het ook uitstekende beurse ontvang van die DAAD (Deutscher Akademischer Austauschdienst), wat hulle die geleentheid gegee het om vir ses weke 'n winterskool aan 'n Duitse universiteit of taalskool by te woon, of met 'n sur-place-beurs Duits aan die UV te studeer. Dit was altyd vir my lekker om te sien hoe studente groei en ontwikkel en hoe Duits vir hulle op dikwels verrassende maniere deure kon oopmaak, hetsy vir navorsing in hulle betrokke vakgebiede, verdere studie in 'n Duitssprekende land, of besondere werksgeleenthede in 'n globale omgewing.

Die interaksie met studente in die Duitse klasse sal ek sekerlik mis, so ook die informele kuiergeleenthede, gesellige Duitsaande, filmaande, 'n Oktoberfees met Brezel en Lebkuchenherzen, koffie en Duitse koek in ons seminaarkamer, Apfelstrudel en Spätzledemonstrasies. Ek kan eerlik sê nie 'n enkele dag was vervelig nie!

Ook was dit vir my lekker om al die jare nou met die Goethe-Institut, Johannesburg te kon saamwerk en betrokke te kon wees by gemeenskapsdiensaktiwiteite rondom die onderrig van Duits aan skole in die Vrystaat en Noord-Kaap: die jaarlikse indiensopleidingsseminare vir Duitsleerkragte; die bestuur van die Goethe-Institut se "Lehrmittelzentrum" wat in ons seminaarkamer gehuisves is en waar 'n verskeidenheid multi-mediale onderrigmateriaal vir Duitsleerkragte beskikbaar gestel word; en die afneem van die jaarlikse Duitsolimpiade vir graad-10 leerlinge. Ek het dit geniet om as organiseerder en mede-eksaminator van die Goethe-Institut se internasionale eksamens – van die Goethe-Zertifikat B1 tot die gevorderde C1-sertifikaat – betrokke te wees. Prof. Klaus von Delft en ek het oor die jare meer as 300 Goethe-Zertifikateksamens afgeneem, waarvan die meeste B1-eksamens was en hoofsaaklik deur knap Vrystaatse en Noord-Kaapse matriekleerlinge afgelê is.



dolos

Dit was 'n voorreg om dekanes, departementshoofde en kollegas te kon hê wat die afdeling Duits en ook vir my persoonlik oor die jare heen ondersteun en geïnspireer het: proff. Gerhard de Klerk, Engela Pretorius, Lucius Botes, Hennie van Coller, Angelique van Niekerk, en ook Bernard Odendaal, Alf Jenkinson, Naomi Morgan, Anthea van Jaarsveld, Annette de Wet, Corlietha Swart, prof. Jaap Steyn en veral ook my kollegas by Duits, prof. Klaus von Delft en Cilliers van den Berg. Ida Meiring en Lizette du Preez was ook al die jare wonderlike kollegas wat my administratiewe take met waardevolle inligting en goeie raad vergemaklik het. Bo en behalwe vir almal in ons departement, het ek ook waardering vir die kameraadskap met kollegas uit Afrikatale, Gebaretaal en Antropologie in die derde vloer se gang. Die gesels en geskerts en onderlinge hulpverlening het alles het bygedra tot 'n aangename atmosfeer en 'n harmoniese saamleef onder die FGG se somerwarm en winterkoue dak! My dank gaan ook aan die personeel in die fakulteit en die universiteitsbestuur en -administrasie wat in my jare aan die UV vir my baie beteken het, ook die skoonmaakdames en sekuriteitspersoneel.

Toe ek 60 word en eintlik moes aftree, het die universiteit my die geleentheid gegun om tot 65 voort te gaan. Ek onthou met waardering die heerlike verjaarsdagontbyt wat die departement vir my by Oliewenhuis gereël het. Vir aftrede was ek nog glad nie gereed nie. Daarvoor was ek nog veels te jonk, vol energie en lewenslus. En toe is ek in September daardie jaar uit die bloute met borskanker gediagnoseer. Die omgee en ondersteuning van my kollegas en my studente sal ek nooit vergeet nie. Gelukkig kon ek so tussen die operasies en chemosessies deur nog die meeste van my klasse tot met die eksamen aanbied. Toe 'n verdere terugslag my vroeg die volgende jaar tref, het prof. Von Delft weereens gewilliglik ingespring om te help en kon Anne Gauert, wat in die afdeling Frans betrokke was, sommige klasse oorneem tot ek weer op die been was. Dankbaar vir die genade van elke nuwe dag en vir die hernude energie en lewensvreugde, kon ek tot op 65 my passie uitleef en sien ek daarna uit om die geleenthede wat my nog gegun word, te benut en te geniet. Ek hoop ek voel nooit te oud om iets nuuts te leer nie.

'n Hoogtepunt vir ons afdeling was sekerlik die verwesenliking van ons droom van 'n groter Duitse seminaarkamer. Die versoekbriewe wat oor 'n tydperk van vier jaar geskryf is, het uiteindelik, dank die voorspraak en ondersteuning van prof. Hennie van Coller en die dekaan, prof. Lucius Botes, in 2013 vrugte afgewerp. Dit was vir my 'n groot vreugde om vir 18 maande in die nuwe lokaal met sy ekstra beweegruimte, ingeboude rekenaar en TV-skerm in 'n gerieflike atmosfeer te kon klasgee.

dolos



In Januarie vanjaar het Anne Gauert in 'n nuwe pos as assistentbeampte by ons aangesluit, waaroor ons baie bly is. Ek het besluit om in Junie af te tree, darem so 'n bietjie voor my rakleef tyd by die UV se finale vervaldatum. My sjarmante en bekwame opvolger, Agnes Harms, kon in Julie begin. Die einde van 2015 se eerste semester was dan ook die einde van my hoofstuk in die afdeling Duits en die departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans. Maar voor ek my deur finaal kon toetrek, moes my rekenaar, e-posboks, kaste en laaie leeg gemaak en orde geskep word. Hopies boeke, lêers, notas en papiere het op die vloer begin opstapel – die weggooi-hoop, die-definitief-hou-hoop, die kan-nog-nie-besluit-nie-hoop. Wat oud en nie meer relevant was nie, is in die “Altpapier”-herwinningshouers geprop en wat dalk nog gebruik kon word, het gebly: die stapel wat Agnes dalk nuttig sou vind, die stapels vir Cilliers en vir ons assistent se kantoor. Wat ek saamgevat het, is die hoop kosbare herinneringe. Herinneringe van meer as 15 jaar in die afdeling Duits aan die UV.

En noudat ek my werksjassie finaal opgehang het en my wekker nie meer lui nie, is dit tyd om ook tuis weer uit te sorteer en op te pak, deure te sluit en totsiens te sê en êrens in die komende jaar die lang pad te vat terug Kaap toe, hartseer, maar ook opgewonde oor die volgende hoofstuk in ons lewensreis.

“Je schöner und voller die Erinnerung, desto schwerer ist die Trennung.


Aber die Dankbarkeit verwandelt die Erinnerung in eine stille Freude.”Dietrich Bonhoeffer

Dat ek julle gaan mis, is seker! My herinneringe aan julle sal saam met my Hermanus toe trek. Julle sal altyd by ons welkom wees.



André P. Brink – in memoriam

Corlietha Swart *



André Philippus Brink is gebore op 29 Mei 1935 op Vrede. Hy versinnebeeld vir baie mense Die Sestigters en die stryd teen sensuur in die apartheids-era. André P. Brink, wat nasionaal en internasionaal erkenning en respek ingeboesem het as skrywer, is een van die grootste Afrikaanse literêre figure wat Suid-Afrika opgelewer het. 'n Gedeelte van sy groot literêre nalatenskap word gehuisves in die Brink-en-Leroux (e.a.)-versameling van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die Universiteit van die Vrystaat en die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) beskik ook oor 'n versameling van sy boeke, memorabilia en 'n groot knipselversameling wat ontsluit is en in die week in museumure vir navorsers beskikbaar is.. Sy dood tipeer die einde van 'n era.

Brink was in byna alle genres aktief: drama, humoristiese kortkuns, literatuurstudie, liefkies oor 'n verskeidenheid onderwerpe, en sy uitsonderlike reisverhale, soos *Fado*, *Midi*, *Parys-Parys*, ensovoorts. Baie van sy boeke is by NB, druknaam Human & Rousseau, uitgegee. Sy romans is in meer as twintig tale vertaal, die jongste is Oksitaans, 'n skaars dialek wat in die suide van Frankryk gepraat word. Hy ontvang al die belangrike Suid-Afrikaanse literêre pryse, soos die Eugène Marais-prys, destydse CNA-prys (drie maal), die Akademieprys vir Vertaalde Werke, die WA Hofmeyr-prys, Hertzogprys vir drama en prosa, Gustav Preller-prys, Boekjoernalis van die Jaar, Statebondskrywersprys, Alan Paton-prys vir Fiksie en UJ-Prys vir Skeppende Werk.

dolos



Daar was ook internasionale erkenning, soos die Prix Médicis Étranger (Frankryk), Martin Luther King Memorial Prize, Ridder van die Franse Legion d'Honneur en Offisier van die Franse Orde van Kuns en Lettere.

Die Suid-Afrikaanse Arts & Culture Trust het hom einde 2014 vereer vir 'n loopbaan van literêre prestasie – slegs die derde skrywer wat dit ontvang (Nadine Gordimer en Elsa Joubert is die ander twee). Hy was ook die eerste ontvanger van die Jan Rabie-Marjorie Wallace-skrywersbeurs in 2009.

Hy het eredoktorsgrade van die Universiteit van die Witwatersrand (1985), ons eie universiteit, die Universiteit van die Vrystaat (1997) en die Universiteit van Pretoria (2003) ontvang. Die Universiteit van Uppsala in Swede gee in 1992 die Monisamiën-prys aan hom vir sy bydrae tot die bevordering van menseregte. Die Engelse vertaling van Sandkastele ontvang in 1997 die Mondello Vyf Kontinente-prys vir Wêreldliteratuur. Selfs die Suid-Afrikaanse Brandewyngilde het hom in 2006 vereer vir sy twee monumentale werke oor die brandewynbedryf in Suid-Afrika. (Ek was gelukkig genoeg om een van hierdie brandewynpublikasies teen 'n minimale bedraggie van 'n koeldrank se prys te bekom toe die Sasolbiblioteek van die UV onlangs boeke "geweed" het, soos die proses genoem word – boeke soos hierdie wat uit druk is, of byna onverkrygbaar is weens die versamelaarswaarde daarvan.)

Brink is met vele pryse bekroon, - in die 1990's het die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns hom met die Hertzogprys vereer. In 1973 is Kennis van die aand gepubliseer en word dit die eerste Afrikaanse boek waarop die sensuurraad 'n algehele verbod geplaas het." Hy was een van die stigterslede van die Afrikaanse Skrywersgilde, wat in die 1970's en 1980's 'n belangrike rol in die stryd teen staatsensuur gespeel het, en ook 'n meer gebalanseerde tantième-verdeling met uitgewers beding het. Met die stigting van PEN: Afrikaans sy gewig agter dié nuwe vereniging ingegooi, en sodoende bygedra tot die aanvaarding van dié vereniging deur die internasionale PEN International. In die 1970's was hy boekeresensent by Rapport en ook na Opperman die nuwe samesteller van die Groot Verseboek (die geblikte drie dele).

Brink is op 'n vlug onderweg terug van die Lae Lande saam met sy vrou oorlede, waar hy vroeër in die week voor sy dood 'n eredoktorsgraad van die Katolieke Universiteit van Louvain ontvang het. Sy vriend, Rob Antonissen, was verbonde aan hierdie universiteit voordat hy na Suid-Afrika gekom het.

(* Corlietha Swart was as nagraadse student 1992 – 1995 o.a. *André P. Brink-projekassistent* in die destydse *Departement Afrikaans en Nederlands* van die UOVS.)



dolos

Verskeidenheid sprekers as huldiging aan Brink (2015)



Die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans het op 13 Februarie 2015 'n miniseminaar ter gedagtenis aan die lewe en werk van die skrywer André P. Brink by die UV aangebied.

Die seminaar het bestaan uit 'n reeks 5 minute-aanbiedings deur belangstellendes, liefhebbers en kenners vanuit 'n verskeidenheid van dissiplines en lewensfere. Aan die hand van anekdotes, besinnings en voorlesings is daar nadink oor die kultuurtradisie waarin ons werk en ook Brink se groot bydrae daartoe.

Kopieskryfwerkswinkel 2015: aangebied deur Claudi Potter van Joe Public

Prof. Angeliqué van Niekerk

In die kopieskryfkursus in die Departement Kommunikasiewetenskappe word daar jaarliks 'n daglange werkswinkel aangebied deur professionele kopieskrywers van vooraanstaande advertensieskole en die industrie. Belangstellendes kan die dosent, prof. Angelique van Niekerk, hieroor kontak. Die werkswinkel vind gewoonlik in April elke jaar plaas.

dolos





Van links na regs: Reinard Snyman (student), Kgantshe Tau (student), Claudi Potter die aanbieder in 2015 van Joe Public agentskap, prof. Angelique van Niekerk (UV-dosent vir kopieskryf) en Ayanda Noggala (student).

Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN)-beurse

Prof. Angelique van Niekerk

Die NTU (Nederlandse taalunie) stel jaarliks beurse ter beskikking van studente wat presteer in Afrikaans en Nederlands. Beurse word landswyd toegeken en die UV het verskeie beurse ontvang. Van die beursweners aan die UV in 2015 is hier afgeneem.

Navrae oor die beurse kan jaarliks in September by die departement gedoen word. Aansoeke word aanlyn ingedien via 'n bepaalde webadres.

Die suksesvolle kandidate word gewoonlik ook genomineer vir die jaarlikse weeklange Nederlandse winterskool moontlik gemaak deur die NTU. Die winterskool roteer tussen die verskillende Suid-Afrikaanse universiteite. Aankondigings hieroor word via die e-leersisteem gedoen in die betrokke AFN-modules, of navrae kan by die departement gerig word teen November elke jaar.



dolos



Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN)-beurse – nagraads:

Marianne Elsenaar, links, (SAVN-beurs vir Honneurs) en Kornelia Neele-Klop, regs, (SAVN-beurs vir Magisterstudie in prosa).



Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN)-beurse – voorgraads:

dolos



Enkele van die beurshouers in 2015 verbonde aan die UV se Dept. Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans: Van link na regs: Nashley Hollenbach, Belinda Filter, Willouw Cloete, Maria Prinsloo, Johanna Swart, Ané van den Berg, Anco Gouws en Karen Fischer.

Departementele Beurshouer 2015



Fakulteitsbeurs 2015 vir Magisterstudie in poësie: Adele Opperman

Die taalbeleid van die UV

Die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans (2015-standpunt)

Die taalbeleid van die UV moet tussen die eise van die politiek en die geldmag deur gestuur word na die werklike akademiese bemagtiging van sy studente. Die departement Afrikaans & Nederlands, Duits en Frans van die UV reageer as volg in 2015 op die heftige debat oor taal aan dié universiteit.

In 'n onlangse onderhoud (Volksblad, 12 Mei 2015) sê Naspers se voorsitter, Koos Bekker, universiteite se dae is getel omdat hulle studente nie aan die voorpunt van die tegnologie hou nie. Min of meer in dieselfde tyd (4 Mei 2015) maak die rektor van die UV, professor Jonathan Jansen, is sy weeklikse Maandagbulletin bekend dat die meeste van die studente



dolos

aan die UV voel dat onderrig in sowel Afrikaans as Engels studente én dosente benadeel.

Die knyp tang van die eise van groot korporasies en die ideologie waarin die UV hom bevind, is nie 'n nuwe ene nie, en dit is hoog tyd dat universiteitsowerhede baie goed hieroor besin. 'n Kapituleringsaanbieding van hierdie eise kan die primêre doelwit van 'n universiteit, naamlik om sy studente intellektueel te bemagtig, in die wiele ry.

'n Universiteit moet nie, soos Bekker voorstel, net die oordrag van kennis ten doel hê nie, dit moet studente ook krities en kreatief leer dink, en hiervoor het jy taal nodig. Die vraag is: Moet hierdie taal per definisie Engels en net Engels wees? Ook hier in die hartjie van Suid-Afrika?

Ons antwoord is 'n onomwonde nee.

Koos Bekker verwys na Indië as 'n ontwikkelende land wat dit reg kry om internasionaal sy merk te maak. Hy sê dit is omdat die jong Indiërs hardwerkend, meer optimisties en ambisieuser as hul Europese eweknieë is.

Ons gevoel is dit is ook omdat Indië die kwessie van onderrigstelsel aan skole en universiteite reg hanteer. Hulle kry dit reg om studente te bemagtig om aan die globale ekonomie deel te neem, en hulle doen dit deur plaaslike tale sowel as Engels te benut. Leerlinge word van vroeg af in hul moedertaal sowel as Engels onderrig – die moedertaal omdat dit die taal is waarin optimaal geleer word; Engels omdat dit die taal is waarin sosiale en opwaartse mobiliteit en globale ekonomiese interaksie geskied.

Twee beginsels is deurslaggewend: Moedertaalonderrig en goeie Engelse onderrig reeds op skool. Die moedertaal is onontbeerlik vir die intellektuele, kognitiewe en kreatiewe ontwikkeling van elke student; Engels moet vroeg reeds behoorlik aangeleer word sodat die studente uiteindelik globaal kan meeding.

Moedertaalonderrig met daarby Engels deur goeie onderwysers is in der waarheid dit waaraan die meeste Afrikaanse Kopsies blootgestel is, en dit is die stelsel wat die meeste swart studente moet ontbeer. Hierdie wanbalans is te wyte aan swak skoolonderrig, bloot omdat daar nie genoeg onderwysers met voldoende taalvaardighede is nie, nie in hul moedertaal nie en ook nie in Engels nie. Alle onderrig lê daaronder. Vakke soos wiskunde en wetenskap word in Engels aangebied deur onderwysers wie se Engels nie goed is nie en aan leerlinge wie se Engels nog gebrekkiger is. Die uiteinde is dat eksamenpunte nooit h

dolos



weerspieëling van leerlinge se begrip van die vakinhoud is nie, maar altyd net van hul begrip van Engels.

Die goeie nuus is dat die Departement van Basiese Onderrig (DBO) begin het om iets aan hierdie situasie te doen (Minister Angie Motshekga se begrotingsrede op 6 Mei 2015). Die Incremental Introduction of African Languages (IIAL) is 'n projek wat dit ten doel het om teen einde vanjaar in 3 558 meer skole landwyd 'n verpligte inheemse Afrikataal ingestel te hê. Die slegte nuus is dat dit lyk asof tersiêre instellings onder korporatiewe en politieke druk wegstroom van 'n projek wat volgens alle navorsing pedagogiese voordele inhou.

Rhodes-universiteit het gewys dat daar 'n alternatief is. Rhodes het besluit dat indien hy die meerderheid van sy studente se belange wil dien, sal Xhosa tot 'n universitêre onderrigtaal uitgebou moet word. Hulle het in 2008 met moedertaalkursusse in Xhosa begin en deesdae kan jy Xhosa-kursusse in joernalistiek, die regte, opvoedkunde en farmakologie volg. Dit kan met Suid-Sotho op die Bloemfontein-kampusse gebeur.

Die argument is dikwels dat Suid-Sotho, die grootste huistaal in die Vrystaat, nie tot 'n standaardtaal ontwikkel is nie en dus nie geskik is vir onderrig nie. Dit is 'n ideologiese vooroordeel wat in die pad staan van wesenlike hervorming aan die UV. Rhodes-universiteit het 'n drietaalbeleid, Afrikaans, Engels en Xhosa, en die UV kan dit ook doen met Suid-Sotho in die plek van Xhosa op die Bloemfontein-kampusse. Rhodes het ook, in die proses om sy taalbeleid ingestel te kry, agtergekom wat dit verg om dit te laat slaag. Die hele universiteitsgemeenskap moet betrek word deur 'n proses van betekenisvolle betrokkenheid (meaningful engagement). Dit is tot so 'n proses waartoe die Departement Afrikaans & Nederlands, Duits & Frans hom sal wil verbind, naamlik harde, doelgerigte werk aan die uitvoering van 'n meertaligheidsbeleid wat alle UV-studente akademies sal bemagtig.

Marion Holm kuier by die departement

Corlietha Swart

Marion Holm (2015)


Marion Holm het ons harte op 6 Februarie 2015 warm laat klop vir Afrikaans deur vir ons gedigte, wat haar besiel, te kom voorlees.

So skryf sy oor haar voorlesing: Ek begin deur te praat oor die feit dat daar net drie mense in SA is wat gedigte lees na afloop van hulle skool- of tersiêre opleiding. Hoekom? Want almal dink dis too high to come by en DAARDIE mite wil ek nek omdraai. Ek wil vir mense wys ons het



dolos

in Afrikaans van die mooiste poësie in die wêreld en dat dit boonop so toeganklik is soos 'n lekker bord huiskos. Dit is dus die mees informele voorLEES, sodat almal gemaklik en ontspanne voel en ontvanklik is vir die gedigte. Ek vra niks deelname van geeneen; al wat jy hoef te doen, is om jou brein af te skakel en met jou hart en emosies te luister



Marion Holm, komediant-aktrise, vermaak ons by die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die UV op 6 Februarie 2015.

***Fifty Shades of Grey* by die UV ontleed (2015)**

Francois Smith

Die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans en die Departement Filosofie het op Vrydag, 27 Februarie 2015 'n kritiese bespreking van die boek en nou film *Fifty Shades of Grey* aangebied..

Vrae wat bespreek is, was:

- Is *Fifty Shades of Grey* 'n nuwe pleidooi vir vroulike bevryding of vroulike verslawing?
- Wat sê *Fifty Shades of Grey* oor gender- en magsverhoudinge tussen man en vrou?
- Is *Fifty Shades of Grey* vir of teen die belange van die eietydse

dolos



kapitalisme?

- Waarom is *Fifty Shades of Grey* so gewild?

Sprekers was dr. Kate Law van die Sentrum vir Genderstudies, dr. Johann Rossouw van die Departement Filosofie, dr. Francois Smith van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans en me. Dionne van Reenen van die Instituut vir Versoening en Sosiale Geregtheid.

Simon Bruinders kuier by die departement op 5 Augustus 2015

Corlietha Swart (foto's en onderskrifte)




Foto en onderskrif: Corlietha Swart


Studente van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans het die akteur en skrywer, Simon Bruinders se dramatiserings en voorlesings uit sy debuutroman, Die Sideboard, geweldig geniet. Van links na regs: Valerie Roets, Simon Bruinders, Roxanne Baartman en Lesego Metoa. Die roman is ook in 2015 op RSG voorgelees.



dolos



Die twee sussies, Lynthia en Sisca Julies by die skrywer/ akteur, Simon Bruinders.



Die Sideboard, deur Simon Bruinders.

dolos



Nederlandse Winterschool 2015 in Stellenbosch

Adriaan de Ridder

Tijdens de week van 6 tot 10 juli 2015 namen er 5 studenten van de Universiteit van die Vrystaat deel aan de Nederlandse Winterschool in Stellenbosch. Ané van den Berg, Adriaan de Ridder, Tinus van Staden, Mari Prinsloo en Belinda Filter.

Wij kregen les in het prachtige, historische Erfurthuis en in het Universiteitsmuseum. Tijdens deze winterschool verbeterden wij ons kennis van de Nederlandse taal en maakten kennis met de Vlaamse en Nederlandse cultuur en literatuur.

De lessen Nederlands taalverwerving werden gegeven door Sabien van Craenendonck (Universiteit Stellenbosch) en de lessen Nederlandse literatuur door Rob Schouten (Nederlandse schrijver, dichter en criticus).

Het was een fantastische week waarin wij veel hebben geleerd, gelachen en zelfs gezongen. Buiten de lessen werden er allerhande activiteiten georganiseerd, zoals een filmavond in de Pulp Cinema in de Neelsie, een spookavondwandeling door Stellenbosch en een bezoek aan het dorpsmuseum. Tijdens een historische zoektocht in kleine groepjes, leerden wij Stellenbosch op een leuke en interactieve manier kennen.

Deze winterschool kon worden waargemaakt dankzij de financiële steun van de SAVN en de Nederlandse Taalunie. Veel dank ook aan de Universiteit van die Vrystaat en de Afrikaanse en Nederlandse Departement voor de mogelijkheid om de Winterschool te kunnen bijwonen.

Een Zomercursus in Zeist

Marianne Elsenaar

Die vorige jaar ongeveer hierdie tyd het ek gehoor van 'n kursus wat in Zeist sou plaasvind, heeltemal gratis, ek moet net my vlugkaartjie betaal. Natuurlik het ek aansoek gedoen en die lang wag het begin. Naderhand het ek gewonder wat my besiel het om aansoek te doen vir so iets. Natuurlik sal ek nie aanvaar word nie! Later het 'n deel van my begin hoop dat ek nie aanvaar word nie, dit is so 'n groot reis en tog so duur. Toe kom die e-pos: ek is aanvaar!

Na 'n hele spul reëlins en beplanning, het die groot dag uiteindelik aangebreek: 13 Julie 2015. Die 60ste Zomercursus Nederlandse taal en kultuur. Die kursus het plaasgevind by Woudschoten Hotel & Conferentiecentrum en ons moes 11h aanmeld en inboek. Die



dolos

opgewondenheid was vreeslik groot en oral tasbaar. Almal word met 'n vriendelike gesig begroet en welkom geheet. Ons was 97 studente vanuit 30 lande regoor die wêreld, 'n ontploffing van tale en kulture! Die beste van alles: almal het 'n passie vir tale, veral Nederlands! Ons kon ook glad nie kla oor die ligging van Woudschoten nie – soos die naam dit voorspel, is dit geleë in 'n groot woud, tussen klein dorpies, soos Zeist en Woudenberg.



Woudschoten Hotel & Conferentiecentrum

By die opening het die adviseur dit vir ons duidelik gemaak: "*Het is geen vakantie*". Dit is 'n intensiewe kursus van 3 weke. Ons was egter so opgewonde om te begin, dat die idee ons glad nie gepla het nie. Almal het met mekaar Nederlands gepraat, maak nie saak hoe gebroke die woorde uitgekom het nie. Die middag moes ons almal op 'n sekere tyd gaan vir 'n mondelinge toets sodat ons in groepe geplaas kon word, wat natuurlik baie spannend was.

Daardie aand was die groot *openingsavond* en ons het 'n *quiz* gehad met vrae oor Nederlands en die Nederlandse kultuur. Die ete was in die groot restaurant van Woudschoten – uit die boonste rakke.

Die volgende dag het die harde werk al begin. Ons is eers in groepe gedeel van 12 elk, met 'n studieleier. Ek was in groep 5. Elke oggend van

dolos



half agt tot kwart voor 12 was daar *colleges*. Ons het elke dag 'n ander onderwerp behandel. Van die Nederlandse idiome, tot die politieke stelsel, tot poësie. Elke denkbare onderwerp. Ons het ook huiswerk gekry, soms 'n opstel of 'n bietjie navorsing en ons moes selfs 'n gedig skryf. Ons groepeer mekaar ook baie goed leer ken en bevriend geraak. Ons het nou nog kontak en hoop om weer eendag bymekaar te kom.



Groepje 5

Van 12h00 tot 12h55 het ons *keuzevakke* gehad – ons kon dit vooraf kies. Elke week 'n ander vak. Ek het die eerste week *Musiek* as vak gehad. Ons het Nederlandse liederes gesing en kon self ook Nederlandse gunsteling opnoem, as ons gehad het. Die week daarna het ek *Sociolinguistiek* gehad, net so interessant. Daar het ons meer geleer oor Nederlandse dialekte, sosiolekte, groepstale, ensovoorts. Die laaste week het ek *Dialekte en leenwoorde* gehad. Daar het ons ook oor dialekte gepraat, asook oor leenwoorde tussen Nederlands en ons moedertale.

In die middag was daar altyd iets te doen – Dinsdae en Donderdae was daar uitspraakles vir die wat dit as keusevak geneem het en daar was ook 'n inloopspreekuur. Sommige middag was daar lesings wat gehandel het oor aktuele onderwerpe in Nederland en België. Een lesing het byvoorbeeld gehandel oor *De amfibische kultuur: een visie op watersnoodrampen*. Daar was ook 'n lesing *Van Mondriaan tot Pindakaas – Moderne en hedendaagse kunst in Nederland*. Die res van die tyd kon ons spandeer soos ons wou. Daar was fietse wat ons kon huur en ons het soms daarmee gery om Zeist, Henschoten Meer en nog 'n paar plekkies te besoek. Daar was ook bordspeletjies, legkaarte en tafeltennis in die



dolos

groot foyer. Dan was daar die pragtige natuur – ons kon in die bosse gaan wandel, buite langs 'n meer sit en lees, asook in Nederlands gesels oor ons vaderlande en moedertale.

In die aande was daar ook vermaak, soos die eerste Dinsdagaand se *borrel in de bar*. Ons kon gratis 'n drankie drink en *biljarten* in die kroeg. Ander aande is daar 'n Nederlandse film gewys waarna ons kon gaan kyk as ons wou. Die foyer was ook altyd oop met koffie, tee, sap en water om te drink. Daar het baie studente saans saam gekuier en mekaar beter leer ken. Daar was altyd 'n nuwe gesig en 'n nuwe land om oor uit te vra.

Dan was daar ook *excursies*. Ons het drie dae met busse na 'n stad gery om die te verken. Die eerste excursie was na Rotterdam. Ons kon kies tussen drie museums om te besoek en daarna kon ons rondwandel deur die stad. Die week daarna het ons vir 'n dag na Amsterdam gegaan en het 'n rondvaart gehad op die bekende gragte. Daarna kon ons weer deur die stad wandel en bekende plekke besoek. Die laaste excursie was na Den Haag, my persoonlike gunsteling van die drie. 'n Bietjie oud, 'n bietjie nuut en tog nie so besig nie. Daar het ons 'n interaktiewe rondleiding deur die bekende Binnehof gehad, waarna ons weereens kon rondwandel. Ons groep se studieleier is oorspronklik van Den Haag. Hy het ons 'n rondleiding deur die stad gegee en bekende plekke gewys. Ons kon ook 'n Nieuwe Haring probeer.

So het drie weke verbygevlieg. Elke dag het vinniger verby gegaan as die vorige een en ons het al hoe hartseerder geword. Ons het ware vriende gemaak in die kort tyd en niemand wou hê dat die kursus, al was dit glad nie 'n vakansie nie, moes eindig nie! Ons laaste dag saam was een van tranes en beloftes om vinnig weer saam te kuier. Die laaste Vrydag het ons weer geëet in die deftige restaurant en daarna het ons 'n *feestelijke slotavond* gehou met nommers opgevoer deur studente en dosente. Daarna was daar 'n *dansavond in de bar met een deejay*. Ons groep het heeldag bymekaar gebly en alles saam gedoen.

dolos





Afscheidsdiner

Die volgende dag het ons almal sertifikate ontvang en die kursus is formeel afgesluit deur die adviseur. Ons het ook 'n bietjie slegte nuus ontvang – daar is 'n moontlikheid dat dit die laaste *Zomercursus* was. Soos gewoonlik, het geld 'n probleem begin word en sal daar in elk geval groot aanpassings moet plaasvind, sou die kursusse steeds aangebied word. Ons hoop in ieder geval dat dit nie die laaste kursus was nie. My droom is dat elke student, met 'n liefde vir Nederlands, so 'n geleentheid moet ontvang, asook dat ons so 'n inisiatief kan begin met Afrikaans! Dit was 'n wonderlike kursus en een van die beste ervarings wat ek kon meemaak!



Die groep van die 60 ste Zomercursus wat in 2015 plaasgevind het.

[Studenteverslae is geplaas soos dit ontvang is. Red.]



Verhale van die 2015-inname vir die MA in Kreatiewe Skryfkuns

Dr. Francois Smith

Agtergrond:

Hierdie verhale is geskryf deur 2015-inname vir die M-graad in Kreatiewe Skryfkuns en wel as deel van een van die twee kursusse wat studente in hul eerste studiejaar volg, naamlik Literêre Stilistiek. In hierdie kursus word studente blootgestel aan skryftegnieke en –beginsels en hulle kry die kans om dit te oefen aan die hand van 'n verhaal wat hulle volgens heel spesifieke vereistes moes skryf.

In dié geval was dit 'n verhaal oor 'n man en 'n vrou wat een aand onderweg huis toe 'n ryloper oplaai. Die sluimerende spanning tussen die paar word op die spits gedryf deur hoe hulle onderskeidelik teenoor die ryloper optree.

[Die bydraes word verbatim geplaas soos dit ontvang is. Red.]

Verweer

Engemi Ferreira

Vrydagaand laat is ons van die stad op pad plaas toe. Ek bestuur. Naby ons vallei se afdraai uit die N4 loop daar iemand so half in die pad. Sy swaai haar handsak heen en weer. Ek dag sy is dronk en hou op luister na die storie wat my man aan't vertel is, oor iets uit sy kleintyd; ek het dit in elk geval al sóveel keer gehoor – oor hoe sy jonger broer hom verneuk het. Ek konsentreer eerder om háár nié te tref nie. Wanneer ek links wil draai op ons afrit, is die motor byna langs haar en ek sien haar gesig - witter as 'n lyk - in die straal van die Pajero se sylig. Ek skrik en stop. My man, onmiddellik 'n galante jongkêrel, spring uit, ruk sy sitplek vorentoe en nooi haar met 'n verwelkomende gebaarom agter hom in te klim. Hy het 'n swak vir mooi vroue.

Sy lig haar handsak met albei hande bo haar kop. Sy aarsel. Daar is reëndruppels op my man se gesig. Ek sug en buk sywaarts om haar in die oë te kan kyk. "Klim gerus in voor jy verder nat word," sê ek.

Toe sy sit, skuif my man sy sitplek saggies agtertoe en gaan sit half omgedraai, sonder om die gordel vas te gespe: "En waarheen is jy oppad?"

Sy swyg.

dolos



Ek draai om en glimlag om haar gerus te stel en kan in die lig van aankomende verkeer sien hoe verbete sy haar handsak vasknyp. "Dit het gelyk of jy die pad wou oorsteek. Wou jy ook hier afdraai?" vra ek.

Sy swyg steeds.

Ek herken die vrou nou, en kyk my man dadelik waarskuwend aan. Ek sien haar soms met 'n hond aan 'n leiband by ons huis verbyloop – deel van die groep van die rehabilitasiesentrum op ons buurplaas. Hy moet haar nie nou verder ontstig nie, maar aan hom is daar geen keer nie; ek is oortuig Noodlot het reeds sy plek sáám met haar ingeneem op die agterste sitplek, want my man kry nie my boodskap nie. Hy het 'n nuwe gehoor.

"Ek was juis besig om vir my vrou te vertel oor my en my broertjie," sê hy, en voor ek kan keer, val hy weg met die ou storie. "Fanie was so vyf, en ek was al sewe. My pa het ons elke Vrydag 1/6 gegee – o, jy sal nie weet nie, jy is nog te jonk." Hy lag, maar sluk toe hy my nou-toe-nou-en-hoeveel-jonger-is-sy-as-ek-glimlag sien. Ek weet presies hoe hy nou in die vrou se oë kyk. Dan blaas hy sy neus. Senuweeagtig. Ha-ha, dis moeilik om direk langs my te sit en flankeer. Hy hervat maar liewer sy storie: "Dit was 'n sjieling en 'n sikspens. So vyftien sent, maar seker soveel soos R1,50 vandag. Elke Vrydagmiddag hou ons voor die koeliewinkel stil en my pa en ma gaan in die winkel in om goed te kry vir die plaas. Kos, jy weet. En meel en so aan. En lappe vir rokke. My ma was lief vir mooi lappe. Ek en Fanie bly sit in die kar. Langs die kar kom die boemelaar nader. Hy staan altyd daar, maar dié dag kry ek hom nog jammerder."

En toe trek iets in die truspieëltjie my aandag – 'n rukbeweging van ons passasier se kop. Ek sien hoe sy met vlymskerp woedende oë na my man kyk. Sy sien ek kyk vir haar, en sy ontspan sigbaar. Sy haal die handsak se band van haar nek en speel daarmee. Ek weet nie waarom nie, maar ek voel hoe my nekhare kriewel.

My man vertel onverstoord voort: "Die boemie praat nie, hy weet ons sal hom skel as hy vir iets vra. So, hy kyk net verdrietig in my oë. Ek sê vir my broer: 'Kom ons gee elkeen vir hom van ons geld, dan het óns altwee iets, en hy ook.' My broer kyk my aan of ek mal is."

Ek lig weer my oë na die truspieël, sien die vrou se oë daarheen draai. Sy knip vir my oog asof sy iets weet van my man wat ek nie weet nie.

My man dreun voort: "Ek sê vir hom: 'Toe, man, ek sal hom my sjieling gee dan gee jy my later jou sikspens.' My broer kyk my nog steeds so skeef. 'Nou maar gee as jy wil gee,' sê hy, en ek maak so. Ek draai die venster af en gee sommer my hele 1/6; ek sal kan doen met net 'n sikspens. Dit lyk of die boemie gaan huil, so bly is hy."



dolos

Ons ry h ent in stilte, net die effense reën wat op die dak en teen die ruite spat. Dis die eerste druppels van die seisoen, en alles ruik skoon en fris toe ek die ruit op h skrefie oopmaak. Ek wil nie meer van sy praatjies hoor nie, want ek weet wat nou kom. Ek kry skaam. Dat h mens so h wrok vir al die jare moet koester omdat hy nooit oor die eerste klein verraad kon kom nie; dat dit sy hele lewe moes kleur wanneer elke volgende hou van die byltjie weer op presies dieselfde plek in sy derms inkap. Ek kry hóm eintlik jammer – hy ken tog sy broer. Hy weet presies hoe suinig hy was. Kon nooit eens h sakkie aartappels afstaan op die mark nie, hoewel hý die broer oorlaai het met tamaties en lemoene, of wat hy ook al gehad het om te gee. Die broer het nooit verander nie, maar my man het. Soms kon hy oorvloedig gulhartig wees, veral wanneer hy iemand wou beïndruk. Soos vanaand in die restaurant; dis wat ... ai tog, ál sy sakgeld!

In die restaurant wou hy die manne wys: h R100-noot aan die stomme kroegmeisie na al haar opsuier by hom, terwyl ons groepie met drankies sit en hom terg terwyl ons wag vir h tafel. Dis toe ek my voorgeneem het om hom terug te kry ~ oor sy onnoselheid ~ en later h kreef bestel het. Dit het die hoofkelner en sy hele gevolg na ons tafel gelok om by my – hulle enigste uitsoekerige kliënt – te kom opsuig. Ja, my man het nie daarvan gehou nie.

So brutaal. En so kommin!

En kyk hoe swaai daardie plastiese “medalje” wat die kroeg-girl vir hom aan sy lapel gestee het nou elke keer wanneer hy vorentoe of agtertoe draai terwyl hy beslag lê op ons ryloper.

Maar dis hoe dit gaan in verhoudings waar daar geen ewewig is nie, waar die een wat meestal toegee altyd aan die kortste end trek en die “brunt moet bear”, soos my shrink altyd sê. Ja, ek het h shrink; uiteindelik kon ek sover kom. My liewe man het my geen keuse gelaat nie; ek moes h ander stem hoor - die een in my kop se voorstelle het my begin bang maak.

Daar kom die maan al op.

Aan die begin van die maan se reis oor die aarde is dit asof iets haar wegstoot sodat sy kan loskom, vry wees, en vlieg. Of dalk is dit sy self wat haar so wegstiet van ou aarde met sy swaartekrag. Ja, ja, ek weet dis nie hoe dit is nie, maar dis hoe dit lyk, en voorkoms is dikwels meer presies as ... nou ja, as wetenskap. Maar dis h ander dag se gesprek. Op hierdie oomblik kyk ek deur die sifdruk van vallende druppels na die gloed ~ daar waar die maan is. Maar net haar glooiing wys deur die gryse, hier en daar slierte silwer of houtskool. Die gloed trek 'n wye boog, en h mens sien hoe haar tog versnel tot die gloed h ronde kol bevat in die middel van die glooiing, en soos h dowwe teiken hang teen die hemelruim. Dit moet

dolos



h bloedmaan wees, só helder, h mens kan selfs diere sien buite, flitsend oor die pad en tussen die ruigtes in. Op die kruin van h heuwel staan h grysbok, dit lyk soos h dragtige ootjie. Alleen.

Toe ons pas op die plaas aangekom het, het hy my elke keer opgewonde kom roep om die volmaan te sien as dit uitstyg bokant die dennebome se spieserige punte wat lyk asof hulle die maan wil deurboor. Maar dit het ek hom nooit gesê nie, net beaam dat dit pragtig is, en teen hom aangeleun. Gehoop dinge sal verander ...

Nou is ons op pad huistoe met h algehele vreemdeling in die kar. Ek wil my man graag attent maak op die maan, weer sy oë sien sag word - soos vroeër - maar sy druk háár oë in myne, as ek per ongeluk weer in die spieëltjie kyk. Haar oë verstaan, maar wat? Dis iets wat ek self nie eens verstaan nie, ek weet net ek wil glad nie meer hoor wat hy te sê het nie. Ek wil hom laat verstaan deur hierdie bloedmaan dat alles nog teenwoordig is, selfs al kan h mens dit nie totaal waarneem nie.

Die stilte in die kar word voelbaar ongemaklik. "Is jy op pad na Angel's Wings?" vra ek vinnig.

Sy knik net in die spieëltjie.

"Dan laai ek jou sommer daar af, dis net verby ons plaas."

Sy knik weer. Sy is mooi, maar nie meer jonk nie. Ek wonder oor haar. Dalk sou ek en sy soms kon kuier oor h koppie tee; sy lyk nie vir my soos iemand wat verslaaf is nie. Maar my man het nie tyd om te wonder nie, sy storie is nog nie klaar nie. Ek ken hom te goed, al sy stories moet h einde hê. En al verstaan hy nie dat ons eie binnestories geen einde sal ken nie, sal aanhou ~ selfs sou jy sterf, weet ek: dié weergawe van hierdie verraadverhaal sál hy klaar maak. Hy vertel voort, onbewus van my en die vrou se oogkontak.

Ek luister nie, maar hoor asof dit kom van die heel eerste keer toe dit nog nuut was en ek met empatie geluister het; die mankind teen my hart gekoester het en oor sy kop bly streel het tot ons later geëindig het presies waar hy wou hê ons moes. Ek weet dit gaan oor die broertjie wat by die kafee ingaan om met sý sakgeld lekkers te koop; die drop wat hy nie self wil eet nie, maar sy ouer broer mee vermaak; die suigstokkies wat hy kóú; die vrylekkers wat hy aan die skoolmeisietjies uitdeel onder veel gelag van sy maats. Ek hoor soos wat ek dit altyd moes hoor, want as ek hom wou stop, sou hy ... Aag ... wat maak dit nou nog saak ... ek weet net hierdie ene is maar h klein kamee van alle soortgelyke egostories.



As ek dit vir my man in 'n gedig kon skryf, sou hy verstaan; ons is almal so. Ons dra die ganse wêreld in onself, en al ons stories is maar net soos dié van almal wat ooit geleef het.

Dit het stil geraak in die voertuig. Uit die hoek van my oog gewaar ek hoe my man agteroor leun, half of hy vergeet van die vrou. Van my. Maar hy vroetel in sy hemsak en haal iets uit. "Hallo, Gerald," sê hy. "We'll be at the gate with one of your people in five minutes. Will you please come and fetch her?" Hy sug en draai om. Hy kyk na ons ryloper: "Ek het nog gedag hy sal in die kar vir my die helfte van die swiets gee, maar aikona, nie eens een enkele vrylekker nie. Nee. Hy sit net argeloos en dop die drop se pienk binnegoed uit en eet dit eerste. Die swart buitekant vou hy op en sit dit terug in die kardoos."

God, vra ek binnetoe, is dit wat hierdie man my aandoen? Hy dop my uit soos die drop en kou my binnegoed flenters en niks daarvan is eg só bedoel om my pyn aan te doen nie; hy is gewoon net so onsensitief as wat sy broer altyd was. Sorg die onsensitiewe platvloersheid dan vir groter pyn? Is dit wat ek tot nou nie verstaan het nie? Help my, God, gee my groter begrip.

Ek hou stil. Gerald staan 'n ent weg met 'n sambreel; hy hou die hek oop; ek wêét hy wil nie sy skoene vuil maak in die modderige pad nie, want hy dood oor vuil. Dit reën nou harder.

En toe gebeur alles in stadige aksie: my man klim uit, skuif die stoel stadig vorentoe, hou sy hand om die ryloper uit te help. Ek hoor hoe sy iets mompel. En dan hoe die kleingeld in sy sak klingel voor hy dit uithaal om in haar hand te druk. Sy knip haar handsak oop en gooi die geld daarin; ek hoor dit val op iets soos glas.

Die keer buk sy af, kyk 'n laaste keer in my oë. "Jy verstaan seker," sê sy. "Hierdie plek is my one and six." Toe dag ek: Ja. Sy verstaan. Ons twee deel iets wat net ons verstaan - iets wat nie woorde nodig het nie.

Ek sê: "Wag net 'n oomblik." Ek maak die motordeur oop, klim uit, en wink haar nader. Wanneer sy langs my staan, sit ek my arm om haar skouers en laat haar omdraai. Dan tel ek haar ken op en sê saggies: "Kyk dáár! Daar is ons albei se redding."

As 'n mens so doodstil staan en kyk, is dit asof die maan uitswel. En ek weet weer eens die wetenskap sal dit nie kan verklaar nie, maar daar is iets magies in die moment; iets wat my en haar vir lank sal bybly.

Ek klim terug in die motor en roep my man: "Kom ons gaan kyk in die dakkamer na ons maan. Dis mos hoekom jy die kamer gebou het, onthou jy?"

dolos



Ek lag. Die spoke is weg. Voorlopig. Daardie bloedmaan het my donkerste kamer geteiken en getref. Kolskoot.

Mynharten Ninevé

Charl-Pierre Naudé

Mynhart Mynhard en sy vrou. Die twee van hulle. Op pad “huis toe”, soos hulle hul strandhuis op Gansbaai altyd noem. Vanaf hul dorp in die verre Gauteng, Bronkhorstspuit.

Weet sal ek, want ek is die kar se ingeboude navigasietoestel. Ek is nie net ’n stem nie. (Veral nie ’n Ozzie of ’n Amerikaanse ene nie.) Ek is ook ’n siel. En dus kan ek die niksvermoedendes afluister ... wat ek onverpoos doen.

Die Mynhard-kinders, 15 en 13 jaar oud, was reeds by hul bestemming. Twee maats het hulle van ’n sportkamp vergesel. Ons praat hier Mynie, die seun, en sy jonger sussie Ninnie (vernoem na haar ma, Ninevé).

Die Mynhard-egpaar ry in hul Mercedes, ’n nuwer model. Mynhart ry nooit enige iets anders nie. “Mercedes, die nuwe model” is teen dié tyd ’n Mynhart-tradisie. Maar laat ons met die storie in die pad val.

Dit was Mynhart aan die woord. Hy vertel sy vrou ’n storie wat hom eindeloos amuseer. Hy ruk van die lagbui, die kar swenk so bietjie.

“Mynhart!” vermaan sy vrou. “Myn ... HAARTT!! Kyk waar jy ry, jy’s nie snaaks nie, man!” Mynhart giggel om die beurt en skater. Hy kan skaars deur sy oë sien, want hy is betraand van die lag.

“Eden ... listentothis ... Eden was êrens in die Skeurvallei ... Kan jy dit glo, Nins? Paleontoloë het dit mos uitgevind.”

“Kyk jy waar jy ry. Eden is ook die naam van ’n restaurant in die Dunes Mall,” sê sy vrou geïrriteerd. Haar irritasie kom ’n lang pad, langer as die pad na Gansbaai.

“GOEIE FOK, Nins! Excuse my French. Maarjirre. There’s a ring to it. Eden is al die tyd ’n flippín plék in die flippin Skéúrvallei. Dis nie ’n opgemaakte storie nie! Oertydkundiges...” Hy kug en sluk sy woorde per ongeluk. “Eden ... in AFRIKA? Waar laat dít die Weste? Maar jy dink nie dis snaaks, óf tragies nie, nè Nins?”

“Nee.” Sy is bot. “Stop hier voor. Tel op daai man wat duimgooi op die pad se skouer, asseblief.” Mynhart is uit die veld geslaan. Hy herinner sy vrou aan die gevare van duimgooiers oplaai. Sy herhaal haar versoek en klink ongewoon vasberade.

“Wel,” sê Mynhart gelate. “Dis jy wat hom optel, nie ek nie.”



dolos

“Jy het geen idee hoe reg jy is nie, Myns,” sê Nins aan Mynhart en die sarkasme in haar stem is dik aangesmeer.

Mynhart was ’n vyf-en-veertigjarige tandarts, sy vrou drie jaar jonger. In sy vakansiekortbroek het hy die baksitplek van die bestuurder amper vol gesit, met die son wat oor sy bonkige, blas bobene val. Sy gestreepte kortmoue het met ’n opgehewe dik rekstofsoom styf oor die goedgespierde bruin bo-arms gespan. Sy gelaat had ’n sweem van kindertydse aknee, maar niks onaansienlik nie. Op sy kop, nog ’n swart krullebos wat effentjies vergrys, maar nog lank nie uitgedun het nie.

Ek onthou hom só, in die fleur van sy lewe. Sy hande wat gly oor die stuur, heen en weer. Terwyl hy met ’n ongedurige blik net links of regs van die pad bly kyk, of met ’n steelkyk na Nins. Van die kant af was sy nog vir hom mooi. Uit die hoek van sy oog. Maar reg van voor? Die skoner geslag vervaag maar gou. Hy hoop sy dogter se generasie sal dit systap. Nuwe dae, nuwe dinge.

Nins stut met een hand die skielike vorentoemomentum van haar bolyf teen die paneelkas toe die kar tot stilstand kom. Myns het te vinnig gestop. Opsetlik is vir hom niks ongewoons nie. Met vyf slanke vingers druk sy asof sy met mening haar hand in nat sement druk. Of miskien wou sy ’n onsigbare borswering van haar wegdruk.

Fyn van gebeente, mens kon dit aan haar polse en delikate blaaië sien. As sy haar skouerknoppe terugdruk en haarself regop trek, was daar ’n gaping tussen die ademende ligte katoenmateriaal en haar rug. Fyn, maar nie juis klein nie. Eintlik langer as die bonkige man langs haar. Haar versorgde lang, bruin hare was hoog teen haar slape met haarkamme vas en het in eweredige slierte langs haar gesig af gehang, en net-net haar nek en oop skouers geraak. Sy was beslis nie onaantreklik nie. Nie vir ander mans nie ... Sy sou haar ken opgelig hou en rondom haar heen afkyk deur verveelde, afgeslane ooglede. ’n Gewoonte waaragter sy weggekruip het. In elk geval. Hóm het sy toe al meer as ’n leeftyd lank elke dag gesien. Té lank: Myns.

Die vreemdeling klim toe in. ’n Jongerige swart man, met ’n velt-manshoed op, geklee in ’n netjiese, maar verslete pak klere wat los sit aan hom. ’n Verbleikte das het soos ’n koorspenstreep teen sy netjies gestrykte wit hemp af geloop.

“Waarom?” vra Myns sy vrou. Die man groet sag en beleefd. Hy het ’n dun snor en bewende hande en nerveuse gesigsbewegings gehad. Iets aan ’n maer, verleë man wat effens te lank vir sy broek is, die vlees wat bo die enkels wys, roer vir Nins intens. Sy kon dit op ’n afstand van dertig meter reeds raaksien.

dolos



“Uit vrygewigheid,” antwoord sy vrou. “Weens ’n goeie goetdardigheid wat jou skielik oorval het. ’n Damaskuspad-ervaring, iets waarvoor jy nie gevra het nie, wat net oor jou pad gekom het, Myns. Jou uitverkore stommerik!”

Toe die vreemdeling op die gemaklike agterste sitplek terugsit, ontspan hy. Nlins stel haarself voor en vra waarheen. Hy sê naam. En, vyf kilometer aan, ja, dankie, en u? Kaap toe. O, ek was daar as kind, sê hy. Wil vreeslik graag weer gaan.

“Nie vandag nie,” sê Mynhart ongevraagd. “Maar het jy al gehoor van Eden, my ou?” En terwyl Nlins haar oë gebelgd rol, vra Myns die man waar hy dink Eden kan wees. Moet naby die Heilige Land wees, sê die man. Nie te ver van Jerusalem af nie, seker. Toe Myns lank neem om te bevestig, gaan die man verder: Binne loopafstand van Bethlehem, waar Jesus gebore is? Definitief. Dan nie?

“My ou, Eden is ’n plek in die Skeurvallei. Heard of the Rift Valley?”

“Yes, sir. It is a sink hole in Africa!”

“We are on the same page,” beaam Mynhart. Hy vra die man of hy nie dink dis pikant dat Eden – die enigste plek waar “die man en die vrou” (as mens die Bybel moet aanhaal) onverdunde en eindelose geluk met mekaar gesmaak het – in die Skeurvallei was nie? Die man lag nou lekker, hy vang die grap. Dis hels snaaks. Adam en Eva moet hulle maar vergewe.

Dit was egter die man se antwoord op Myns se vraag wat hy vir ’n lewe doen, wat ek nie sal vergeet nie.

“I am a lay conservationist,” het die man laat weet. Hy het saggies met sy plathand op sy hoed langs hom gegee. “My special animal is the tokoloshe. A very endangered species,” had ons pendelaar te vertel.

“’n Lay conservationist? Klink ominous,” was Myns se reaksie.

Van waar ek in die instrumentepaneel ingebou is, kon ek die woordelose kommunikasie tussen die vrou en die man waarneem. Sy het haar sonskerm met die poeierspieëltjie in uitgeflap en hulle het mekaar se oogbewegings daarin gevolg.

Die ryloper het vertel dat die tokoloshe ’n baie nuttige wese is wat deesdae “al hoe minder geroep word”. Die tokkelossie, die baksteenhoogte mannetjie met die geweldige groot penis, einste, is die een wat altyd omgesien het na die vroue se behoeftes wanneer hul mans onbeskikbaar geword of weggegaan het. Deesdae (vertel die man toe), word na die mannetjie verwys as ’n “mite” (wil jy meer) en ’n “toonbeeld van priapisme” (’n mediese probleem). Sulke praatjies maak die tokkelos in sy hart dood. En hy, die bewaringsbewuste ryloper, versamel nou hierdie wesentjies vir



dolos

die nageslag. Dis moeilik om hulle aan te keer, want hulle is baie sterk. Daar is 'n afdeling van die dieretuin in Daar-es-Salaam wat hulle aanhou. 'n Rare spesie, daar bestaan nie vroulike weergawes nie.

Die man het aan Mynhart beduie hy moet stop, net hier, dáár voor, op die skouer. Toe hy uitklim, vra hy Myns of hy nie iets te spare het nie, 'n bydrae, "vir die tokkelossies se onthalwe". Myns het hom wraggies 'n R20-noot in die hand gestop. "Vir 'n lekker kakstorie," het hy gesê. En die man uitgelag.

Hulle het weggetrek. Maar nie voor Nins en die man mekaar 'n stewige laaste kyk gegee het nie. Nins het 'n sug van verligting geslaak en haar poeierspieëltjie weer toegeklap. Ek dink sy het iets besef. Sy het met sovéél afstandelikheid na die man langs haar gekyk, hy het eintlik vir my spikkelklein vertoon. Ek dink sy was reeds in Gansbaai. En nou het sy gelag. Sy het vir Myns uitgelag met ongebreidelde oorgawe.

Wat kan ek sê? Hoekom vertel ek die storie? Ek is maar net 'n rigtingwyser. Ek hoor nou nog daardie lag van Nins. En van waar ek kan sien, ry Mynhart deesdae alleen.

Bly stil, jý, dink die 22-jarige Mynie.

Hy kyk na die GPS. Dié tegnologiese diertjie doen al jare lank diens in sy pa se kar. Die vrouestem gebied hom só en só, na 'n nuwe restaurant in Willowdalelaan waar hy vir Joanie sal ontmoet. (Waarom so kwaai?)

Dis nou agt jaar vandat sy ouers geskei is. Agt jaar van daardie noodlottige dag toe sy pa en ma Gansbaai toe gery het en sy ma op aankoms onmiddellik 'n taxi bestel het om haar Kaap toe te neem.

"Waarheen wil jy nou foeter," het Myns gevra. "Ek gaan nie daarvoor betaal nie, al wat ek sê!"

Nins het op die rusbank gesit het en speel met haar selfoon, haar een voet aan wikkels met die somersandaal wat daaraan hang soos 'n traan. Sy het opgekyk en vir Myns stip in die oë gekyk. Saggies geantwoord, en met opset haar lippe gerond, vir die effek, asof sy 'n dowe praat. "Na die rý-loper toe, Myns. Dis waarheen ek gaan. Twintig rand is genoeg vir ons álbei."

Van die Kaap af teruggevlieg Gauteng toe. Toe die gesin drie weke later tuiskom, was daar geen teken van haar of haar intieme besittings nie. Die huis was gestroop. Myns het later van die huismeubels in die Indiërstrook, met die tweedehandse winkels, gaan terugkoop. Maar die meeste daarvan is nooit teruggevind nie.

dolos



So die SMSe aan die kinders op hul selfone in Gansbaai, dat mamma haarself op Faroe-eilande bevind, dit was toe nie 'n grappie nie. (Nins se grappies het soms wel effe "brutaal" oorgekom. Maar dit had altyd die een of ander sterk boodskappie in. Soos die keer toe sy die witrot aan die kinderhuis gaan weggee het omdat Mynie die dier "nie behoorlik versorg nie")

Behalwe vir die snoertjie wat hy pal om sy nek dra, wat aan sy mamma behoort het. Nins het dit vir Mynie gelos. Sy sus het 'n borsspeld gekry.

Behalwe vir die snoertjie, en die borsspeld, het hulle niks meer van haar nie. 'n Paar foto's, ja. Hy vryf nou aan die kraletjies, soos hy altyd maak wanneer hy bestuur. So met die een hand op die stuur, soos sy pa soms maak.

Hy ry verby 'n man wat van agter net soos sy hy lyk, soos sy pa. Die buitelyn, die stappie. "Gebuk aan sy jare", onthou hy 'n gedig uit sy skooljare. Hy kyk in die truspieël. Die man, wat eens 'n blanke was, is nou 'n bedelaar. "From hero to zero," dink Mynie, met 'n steekpyn in sy hart.

Sy woon steeds daar, sy ma, op die eiland-plek. Deesdae saam met 'n Faroër. Mynie vryf oor sy kleinood, die kraletjies, ruik aan sy vingers. Hy verbeel hom hy kan ná al die jare steeds haar reukwater gewaar.

Hy, wat Mynhart junior is, wonder dikwels wat die strooi was wat die kameel se rug gebreek het. Hy weet daar was die probleem met sy pa se suinigheid. Hy vra dikwels, somer speel-speel, vir die GPS of sy weet. Sy was tog daai dag in die kar. Sy weet tog alles?

'n Storie, het die sielkundige destyds vir Mynie aangeraai. Maak vir jou 'n storie daaroor op. Een wat werk vir jōu.

"Stories genees."

Die winter is verby

Gerrit du Preez

Hy is vies vir haar. Sy merk aan die manier waarop hy 'n tree voor haar na die motor terugloop. Kan dit wees oor die cappuccino wat sy na die kunstefeesvertoning bestel het? "Dis net bietjie skuim," sê sy in 'n poging om die spanning te verbreek.

"Dis vyf rand se skuim," mor hy, draai na die karwag wat in die agtergrond rondstaan. "Nee, ek het jou nie gevra om te kyk nie."

Sy hou 'n munt uit. "Wag, hier is iets vir jou."



dolos

"Kom nou, ek gaan nie heelaand die deur vir jou staan en oop hou nie. Ek reën nat."

"My pa was brandarm, maar hy het altyd iets gehad om te gee," sê sy terwyl sy in klim.

"Dis geen wonder dat hy op sy oudag niks oorgehad het nie."

Die ligte gaan aan en die ruitveër vee in een haal al die druppels en 'n klompie blare van die ruit af. Terwyl die motorwag vir 'n vale verduidelik, stoot hy die voertuig terug. "Ek gaan nog eendag een van hulle raakry. Suurstofdiewe." Hy klop met sy vingerpunte op die stuurwiel – soos 'n wekker wat die sekondes dreigend aftik. Sy wip van die skrik toe hy skielik toet vir 'n klein karretjie wat voor hom indraai. Is dit 'n nagmerrie waaruit sy nie kan wakker word nie?

"Jy weet ons drink nooit fancy goed nie. Jy het die situasie misbruik. Jy doen dit altyd as daar mense by is," keer sy gedagtes terug tot die skuim.

Sy antwoord nie, maar weet dat hy reg is. Sy was aspris. 'n Lewenslange nagmerrie. Sy voel aan haar selfoon en dink aan die boodskap daarop. Sy moet antwoord. Gaan sy hierdie absurde geleentheid wat onverwags opgeduik het benut? Durf sy? Sy druk die foon weg en maak die handsak toe. "Ek is jammer, ek weet ek moes nie."

Hy sit terug in sy sitplek en kyk na die ruitveër wat telkens oor 'n blerts op die ruit wip. Sy klap die spieëltjie skuins bo haar kop oop. 'n Liggie gaan aan en verlig die binnekant van die kajuit. Sy vee met 'n sneesdoekie iets uit haar oog. Sy kyk vir haarself in die spieël en skrik vir die donker kringe om haar oë. Is ek so moeg? Skielik voel sy of daar 'n kollig op haar skyn en sy vou die spieëltjie vinnig toe. Sy skuif ongemaklik in haar sitplek en kyk na buite. Iemand stap regs voor hulle verby. "Is dit nie Lilly nie?" Sy sit haar hand momenteel op sy voorarm. "Monica se vriendin."

Die kar ry vorentoe en die ruit gly oop. "Lilly?" vra hy.

Die jong vrou kyk na agter terwyl die punte van haar jas oplig van die wind. "O, jammer, oom, ek het julle nie herken nie."

"Kan ons jou iewers aflaai?"

Lilly huiwer: "Ek het agter die biblioteek geparkeer."

"Nou klim in, jy gaan doodvries."

Waar kry hy nou die vriendelikheid vandaan?

Die deur gaan oop en die dakliggie skyn weer op haar. Lilly skuif agter in, haar hande styf teen mekaar op haar skoot: "Sjoe, maar dis koud."

dolos



"Dis lekker om jou te sien, my kind. Jammer, ek lyk nie vanaand so goed nie," sê sy en vryf oor die bokant van haar wang. "Monica vertel my jy't 'n nuwe vriend."

"Ja, tannie, hy praat al van trou." Sy glimlag en kyk om haar rond. "Is dit 'n nuwe kar? Dit lyk baie ghrênd."

"Ja, ek het hom nou net meer as 'n maand."

"Ek hoor tannie was in die Kaap," sê Lilly.

"In Worcester, ek het 'n gastehuis van vriende van my suster vir twee weke bestuur."

"Dit klink lekker."

"Dit was, maar alles wat kon, het ook verkeerd geloop."

Toe praat hy weer. "Ek sou so 'n kar natuurlik nooit net vir myself koop nie." Hy draai skuins om verder te praat, maar die verkeer trek sy aandag: "Wat het ons nou hier? Aag nee, nou staan ons al weer."

"Ja, die gastehuis se geyser het gebars en die hele plek was onder water. Dit was chaos. Ek het gelukkig 'n baie oulike loodgieter leer ken, 'n wewenaar."

"'n Wewenaar in Worcester," val Lilly haar in die rede en geniet dit toe sy die sien hoe die vrou in haar vyftigs selfbewus rondskuif, maar sy is reg met 'n antwoord: "Die oom sal moet oppas. Hulle was so tevrede met my diens, hulle het my 'n permanente pos aangebied."

"Wat ek wou sê, was dat ek nooit so 'n kar net vir myself sou koop nie. Dit gaan primêr vir my oor my gesin se veiligheid."

"Dis baie bedagsaam, oom."

"Die gesin waarvan nie een van die kinders meer hier bly nie," fluister sy vrou na Lilly se kant toe.

"'n Nuwe kar is ook nie 'n belegging nie, as ek dit nie kontant kon betaal nie, sou ek dit nie gekoop het nie. Glad nie."

"Gaan tannie-hulle die een of ander tyd bietjie vir Monica in Kanada kuier?"

"Ek wil so graag, maar my man sê die wisselkoers is nie nou reg nie. Hy sê dit altyd."

"Tannie moet sommer alleen gaan."

Sy praat doelbewus harder: "Hy sal my nie toelaat nie. Seker bang ek kom nie weer terug nie."



"Ek het ook op 'n SUV besluit. Met die toestand van ons paaie kan mens nie anders nie... Hier is ons, waar staan jou kar?"

"Daar's hy, daar skuins oorkant. Ag nee, die karwag, ek het nou niks om vir hom te gee nie." Lillyfrons.

"Ek het iets in my handsak."

"Vat hier, ek het ongelukkig nou net twintig rand in my beursie, ek hoop dis genoeg," sê die ouer vrou.

"Haai, oom, baie dankie," sê Lilly, neem die noot en klim uit.

Die vrou rol haar venster af. "Ek is bly oor die man in jou lewe, my kind, onthou net om nooit vir geld te trou nie."

Lilly glimlag. "Ek dink tannie moet weer by die gastehuis gaan uithelp. Pas net op vir die wewenaars."

"Wat 'n oulike kind, so elegant," sê hy terwyl hulle wegry.

"En nou skielik het jy twintig rand vir 'n karwag," sê sy geaffronteer en kyk vir lank na haar man.

"Ag, wat is twintig rand nou?"

Sy haal haar selfoon uit haar handsak, kyk weer na die boodskap en tik: "Ek kan 1 Sept begin." Sy sit die foon weg en begin neurie: "Dis heerlike lente..."

Haar man draai sy kop na haar: "Wat het nou in jou gevaar?"

"Dit moet die cappuccino wees."

Hy stop sonder waarskuwing by 'n vulstasie, en toe die petroljoggie begin om die petrol in te gooi, sê hy: "Ons ry môre doudoordag. Braam kom my oplaai. Ek moet nog vanaand my geweer skoonmaak. Het jy al die padkos gemaak?"

Sy kyk nie na hom nie. "Dis al laat, kan julle nie iets langs die pad koop nie? Mens kry deesdae so lekker broodjies en koffie."

"Ons gaan jag! Waarheen ons gaan, is daar nie kafees nie. Ek het gesê ek bring padkos saam."

"Ek sal wors bak en kookeiers maak," antwoord sy dadelik terwyl sy effe van hom wegskuif. Sy ken daardie bui.

"En broodjies?"

"Dan moet jy net 'n brood by daardie winkeltjie gaan koop," sê sy en beduie na die vulstasie se kafee.

"Kan jy nie?"

dolos



Sy reageer nie en kyk stip na die petroljoggie wat nou die ruit skoonmaak. Na 'n ruk klim hy uit en klap die deur toe. Die joggie smeer die hele ruit vol skuim. Eers aan die een kant, dan stap hy om en maak die spons van sy vensterwasser weer nat voor hy die ander deel van die ruit seep smeer. Hy weet presies wat hy doen, sy tegniek fyn uitgewerk terwyl hy in lang elegante hale, gevolg deur twee of drie vinnige kinkels die hele ruit toesmeer, asof hy patrone in die skuim teken. Hy stap weer na haar kant en begin die skuim van bo af in stroke van bo na onder afskraap. Sy volg elke beweging aandagtig, amper gehipnotiseer deur die reinigingsritueel. Sy sien vuil merkies op die ruit en vind bevrediging daarin as hy dit skoonvee. Een of twee plekkies waarop sy konsentreer word gemis en sy voel hoe sy wil uitklim, die skrapers by hom vat en dit skoonvee, maar haar lyf bly doodstil – gevries.

Reg voor haar gesig wip die skrapers oor die blerts op die ruit en laat 'n strepie skuim agter. Hy krap die stuk voëlmis met die hoek van sy skrapers, vee weer met die spons daaroor en skraap dit skoon. Nog 'n stuk mis bly hardnekkig sit. Hy stap om na die ander kant, vee weer skuim op die voorruit aan die bestuurderskant en maak dit flink skoon. Sy sit en kyk na die vuil merk op die skoon ruit voor haar. Die petroljoggie druk weer sy vensterwasser in die bak met seepwater en stap na haar kant. Sy skuif effe vorentoe, haal bietjie vinniger asem en sien hoe die water van die spons afdrup soos die jong man voor die neus van die kar verby stap, al nader en nader.

Die deur swaai oop en 'n brood, verpak in 'n plastieksakkie, land in haar skoot. Sy wip soos sy skrik terwyl haar man die petroljoggie aanjaag om die kaartmasjien te bring. Die joggie draai om, sit die ruitwasser terug in die bak en stap na die bestuurderskant. Haar oë bly staar na die miskol voor haar op die ruit. Mettertyd keer haar aandag terug na haar lyf terwyl sy hoor hoe haar man die kode by die kaartmasjien intik. Sy sit die brood by haar voete neer, haal haar beursie uit haar handsak en neem 'n munt daaruit. Terwyl haar man die voertuig aanskakel, rol sy haar ruit af en hou haar hand uit. Die petroljoggie draf om na haar kant en hou sy hande bak om die munt by haar te neem.

Haar oog vang weer die blerts en sy dink aan die sielkundige se rekening wat sy vroeër die dag gekry het. Ek betaal en betaal, maar my lewe bly vol vuil kolle, dink sy. Sal ek ooit hierdeur kom? Instinktief bal sy 'n vuis, terwyl sy voel hoe iets in haar vasberade vasskop. Sy voel hoe sy met haar vuis op haar bobeen kap, net soos sy gedoen het in die sessies waar sy dit as tegniek geoefen het by haar terapeut. Ek sal oukei wees, ek kan, stamp sy op haar bobeen. Ek sal dit maak. Ek sal.



dolos

Sy klap die spieëltjie skuins bo haar kop oop. Die liggie gaan aan en verlig weer die binnekant van die kajuit. Sy kyk in die spieël, na die donker kringe om haar oë en draai na haar man, wat intussen die ruitveërs aangeskakel het om die misreën van die ruit af te vee.

Sy kan voel hoe hy na haar kyk. Lank is net die geluid van die ruitveërs hoorbaar. Dan sug hy diep. "Jy's net moeg, my vrou," sê hy. "Kom ons gaan kuier Desember vir Monica in Kanada."

Sy bly voor haar uitstaar. Later kom sy agter sy soek na die blerts op die ruit. Sy wens dit was nog daar.

Quality Street

Sandra Botha

Dis half teësinnig dat hulle die vrou langs die pad oplaai, maar hulle het 'n verpligting. Dis immers 'n wit vrou. Die Breedts laai altyd wit rylopers op, want hulle is regtig Christenmense. Hierdie ene het 'n uitgerekte pienk sweetpak aan en klem 'n verslete koffertjie vas. Haar peroksiede-hare vorm 'n skerp kontras met haar sonverbrande, verweerde gesig. "O, geseënd is julle!" roep sy uit toe sy agter in die motor klim. "Ek kon op 'n afstand sien julle is Christenmense!" Sy kyk goedkeurend om haar rond. "Sjoe, maar dis darem 'n ghrênd kar!" Sy skrop soos 'n hennetjie vir haar 'n gemaklike plek uit, met die koffertjie op haar skoot. "Dis nou my luckyday vandag!"

Ben Breedts vryf met sy duim aan sy stywe trouwing, maar kyk stip vooruit en sê niks. Hy laat Mariette maar begaan oor die ryloperstorie, want hulle is nie juis andersins betrokke by liefdadigheid nie. En dit was juis die dominee se preek vanoggend. Hy is lank nie meer seker oor die kerk se boodskap nie en dit vul hom met 'n konstante skuldgevoel, maar dat 'n mens moet goed doen om in die hemel te kom, glo hy darem nog en dit laat hom beter voel. Dis 'n goeie ding om die arme witmense langs die pad te help.

Kort voor lank draai Mariette effe na agter en vra met kwalik bedekte nuuskierigheid: "Nou waar kom mevrou vandaan? Is dit nie half gevaarlik op die pad nie?" Sy het die ryloper se gesig vinnig takseer, en sien onder die lae ontbering wat diep merke gelaat het, 'n vergete mooi jong meisie. Haar romantiese aard verwag 'n storie van iemand in haar liefde verlaat.

"Haai, mevroultjie, jy is so reg!" kloek die vrou en vertel met oorgawe: "Maar partykeer kan 'n mens nou nie juis iets anders doen nie. Ek is eintlik 'n vreeslike ordentlike vrou, maar daar is soveel skurke in die wêreld." Sy leun vorentoe en kyk van Mariette na Ben. "Ons is so besteel. Ons het 'n motor gehad, maar glo my, my Johnny se beste tjommie is met hom weg.

dolos



En dit saam met my suster, wat ons nogal uit haar huis gesmyt het!" Sy klem die tas op haar skoot stywer vas."Dis al wat ek nou oor het en ek is oppad na my man in Graskop..." Sy is verbaas dat nie een reageer nie. "... julle weet mos, dis daardie gevangenis net buite Bredasdorp?"

Mariette se nek verstyf en haar wange kry 'n ekstra kleurtjie. Ben besluit hy moet beheer oor die situasie neem. Hy moenie die vrou aan haar man se gedrag meet nie, dis darem nie sy wat self in die gevangenis is nie. "Die gevangenis, sê jy? Nou wat het hom daar beland?"

Voor die vrou kan antwoord, het Mariette hul pak padkos oopgemaak en haal 'n toebroodjie vir die vrou uit wat sy versigtig agtertoe aangee. Sy wil nie krummels in hul kar mors nie. Dis met sulke gulsigheid dat die vrou die broodjie verslind dat sy haar woordeloos nog een gee. En nog een.

Die vrou se mond is vol, en trane vloei nou vrylik oor haar wange. "Sulke Christenmense! Ag, die Here sal julle seën." Sy kyk hoopvol na Mariette. "Ek was so honger. Ek het gisteroggend laas geëet."

Mariette gee die laaste broodjie na agter. Ben gesels met die vrou se klappende kougeluide in sy ore. "Ek het iemand daar geken," vertel hy met 'n mate van genoegdoening. Hy onthou hoe die storie hom eers ontstel het, maar nou voel dit vir hom dit skep 'n band tussen hom en die ryloper. Dis tog wat die werklike Christelike boodskap is: Wees lief vir jou medemens. Waaroor het hy hom nog altyd geskaam as hy aan hierdie storie dink? "So verlans familie van familie van my."

Mariette trek haar asem hoorbaar in. "Wat praat jy Ben?" sê sy ontsteld, maar Ben gaan ongestoord voort. Hy is besig met 'n ontboeseming van gedeelde feilbaarheid. "Hy het sy firma uit duisende rande gedoen! Maar hy is uiteindelik gevang." Al praat hy eintlik met homself, draai hy sy dikkerige nek met moeite om om seker te maak dat die ryloper na om luister. Hy kan sien die vrou is glad nie gepla deur die storie nie. Intendeel, sy luister met oorgawe. "Sê jy dit! My Johny ken sulke ouens. Hulle maak goed geld in die tronk, want hulle help sommer met die ander mans se geldsake. Ook die bewaarders s'n." Sy voel ooglopendtuis in hulle geselskap.

Mariette se hart krimp. Die vrou ruik nie lekker nie. Sy het min tande oor. Haar hande en naels is vuil. Dis genoeg dat hulle haar 'n rygeleentheid gee –dis ook omtrent al wat Ben ooit vir liefdadigheid doen –hy is maar suinigerig en hy gee nie graag geld nie. Maar dit was nog nooit nodig om so vrypostig geselserig te wees nie. En dan vertel hy ook 'n storie wat haar kiewelrig laat voel. Iets is nie pluis nie.



dolos

Ben is heeltemal onbewus van sy vrou se ongemaklikheid. Hy gesels ongesteurd voort. "Hy's miskien nog daar –sy naam is Charlie Bower – dalk ken jy hom?"

Die vrou skud haar kop. "Ag jong, daar is soveel ouens, ek kan nie almal onthou nie."

Met die noem van die naam voel Mariette hoe al die bloed haar gesig verlaat. Die naam Charlie Bower is intiem bekend aan haar. Hoe lief was sy nie vir hom nie! Waar kom Ben aan hierdie storie? Hoe sou hy van Charlie weet? Dit was dan 'n familiegeheim! Niemand het van Charlie gepraat nadathy verdwyn het nie. Sommer so! Sy het hom heeltemal uit haar lewe geweer en geslaag om 'n ordentlike huwelik met Ben te sluit en 'n voorbeeldige lid van die samelewing te word. Hoe kan hy nou te kenne gee dat hulle iets met 'n man in die tronk te doen gehad het! Sê nou Dominee kom dit te hore?

Die ryloperleun weer effens vorentoe, bo-oor die koffer wat styf vasgeklem op haar skoot lê. "Julle het nie dalk 'n ou soetigheidjie ingepak nie?" Haar oë bespied die mandjie wat netjies langs Mariette se voete staan.

Ben onthou van sy geliefde QualityStreet wat hulle ingepak het, en sy gevoel van mededeelsaamheid verdwyn. "Nee!" sê hy onthuts, maar Mariette ruk reeds die selofaansakkie met QualityStreet uit die mandjie en gooi dit venynig agtertoe. Sy is so onthuts deur die storie of miskien oor die lang verborge herinneringe van wellus en jeug wat so onverwags oor haar tuimel, dat sy hom slegs vaagweg hoor. Saam met die QualityStreet rol herinneringe soos lekkers in blinkpapier in Mariette se kop rond. Sy was mal oor Charlie! En toe verdwyn hy. En nou vind sy uit hoekom. Het Ben al die tyd van haar en Charlie geweet? Of het hy maar toevallig hierdie storie gehoor?

Die vrou gryp-gryp om die pakkie by te kom. "O, dankie mevroutjie! Dis nou 'n treat! Ag, hoe lekker gaan ek vir Johny vertel van my trip hiernatoe vandag!" Sy sit weer vorentoe, met die pakkie lekkers in haar een hand vasgeklem en die ander om haar koffer. "Die afdraai is net hiervoor. Julle kan my sommer hier aflaai." Haar stem is onverwags onseker en pleitend. "Julle het nie miskien vir my 'n paar pennies te spaar nie? Ek moet nog weer vanaand terug?"

Ben stop teësin 'n paar muntstukke in haar uitgestrekte hand. Ja, gee jy die pinkie, kom dit by hom op, dan vat hulle die hele hand. Of is dit juis die boodskap wat hy nie wil hoor nie? Van die brood op die waters werp? Hy haal nog geld uit sy sak en gee dit aan die verbaasde vrou. Hy gaan mos nie die paar sente mis nie.

dolos



Mariette sien dit maar reageer glad nie daarop nie. Sy groet ook nie die vrou wat haar oorvloedig bedank nie. Charlie se laggende gesig dans voor haar oëen sy sterk bene druk op die dansvloer teen haar aan. Sy wil saam met die vrou uitklim en hom gaan soek, maar sy sit bewegingloos stil soos 'n vrug wat ryp geword het en wag om gepluk te word. Sy voel die gloed oor haar gesig sprei.

Ben kyk haar verbaas aan. So het sy gelyk vroeg in hul getroude lewe. Mariette was so hartstogtelik toe hy haar leer ken het, en hy het altyd gevoel dat hy haar nie heeltemal kan bevredig nie. Ten spyte van hul geldelike sukses was daar iets armoedigs aan hul lewe. Emosioneel armoedig. Hy draai aan sy trouring. Die ring het te styf geword. Hy kyk in die spieëltjie en sien die vrou na hom kyk, vol afwagting. En hy wens met sy hele hart, soos toe hy klein was en styf op sy ma se skoot tot liewe Jesus gebid het dat die ryloper hom so liefderik teen haar lyf sal vasdruk soos die koffertjie en die pakkie QualityStreet wat sy teen die pienk sweetpak vasklem. Waarmee sy nou met 'n opgewonde huppel in haar stap die pad sal vat na die gevangenis toe.

Verslag oor die slypskool vir die Nasionale Poort skryfwedstryd van 2015.

Dr. Anthea van Jaarsveld (Organiseerder)

Hierdie wedstryd word die afgelope vyf jaar reeds aangebied deur die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans en die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat in samewerking met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. Tydens hierdie slypskole tree bekende skrywers as aanbieders op, onder ander, Christine Barkhuizen le Roux, Jaco Jacobs, Alexander Strachan, Hennie van Coller en Irma Joubert. 'n Diverse groep jongmense van oor die land woon die slypskool jaarliks by. Dit wissel gewoonlik van graad 11-leerlinge, tot eerstejaar-studente.

Hierdie groepe van oor die hele Suid-Afrika, asook Namibië, is die room van ons land se leerders en hierdie jaar was weer geen uitsondering nie. Die leerders se werk getuig van diepgang en 'n passievolle omgang met die taal. Die wen-inskrywings word weer gepubliseer in die Dolos. Dit is die blad van die Studentevereniging van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, wat digitaal beskikbaar is op die departementele webblad. Elke deelnemer se terugvoer getuig deurgaans van 'n uiters positiewe ingesteldheid teenoor die wedstryd en die slypskool, veral oor die individuele sessies waarin die leerders een tot een met die skrywers kon werk aan hul eie skryfwerk. Die slypskool is



dolos

hierdie jaar aangebied deur proff. Hans du Plessis en Bernard Odendaal van die ATKV-skryfskool. Pryse is geborg deur Protea Boekwinkel.

Ek heg hierby graag die drie wen-inskrywings van die slypskool aan. Baie geluk aan elke deelnemer van vanjaar se slypskool.

- Die wengedig is deur Sisca Julius, 'n vorige wenner: 'n Gedig? vir my ma.
- Die tweede plek gaan aan Jaco-Louis Venter vir: Voor ete.
- Die derde plek gaan aan: Neline Labuschagne vir haar gedig, Die tweede dans.

[Die bydraes word verbatim geplaas soos dit ontvang is. Red.]

'n Gedig? vir my ma

Sisca Julius

*die verse wil nie kom nie
al rook ek hoeveel gwaais en staar by vensters uit, Ma
en ek het oppad t'rug uit Jozi by kleiner vensters uit gestaar
en die verse wou nie wegbly daai nag nie, Ma:
hulle se praat, hulle rook, bitter biere en swirlkouse na twaalf in die straat, Ma*

*en voor die geleerdes stories in my kop ingepraat (of dalk uit?) het
oor boeke skryf en pryse wen
was daar 'n ons, my ma*

*en hulle behandel my nou asof ek "sy" is
asof ons nie saam grootgeword en in stukkende karavane poppehuisie
gespeel het nie, Ma
ek wou nooit vir sukses met eensaamheid betaal nie
en ek word swaar getakseer vir dit, Ma
daar was aande wat jy gebel het en my Sisca en nie Noens genoem het nie
ek het gehuil oor dit, Ma
en elke liewe woord was vir hulle*

*nou moet ek skryf van 'n afstand soos 'n pen pel, Ma
woorde wek woorde het ek gesien in die groot boeke
voel nie waar nie, Ma
jou stilte het die woorde uit my geruk, as jy vra
en ek weet jy's skaam vir jou jou-wees as die koerantmense kom pla
want jy't klere aan my lyf gegee en
more baas loop sê, Ma
kos in my maag gepak in geel Shoprite sakke, Ma
en armoede leer nie uithouermoe nie, Ma*

dolos



*nie beter lewe loop soek en lesse wat geld nie kan koop nie
dit leer jou net hoe om arm te wees, Ma
hulle het in die straat vir jou gelag en gesê jy hou jou Matrone terwyl jy
Maria is
dis afguns, Ma
hulle lees nou van jou in die Huisgenoot, Ma
en Daddy het sy foute, maar hy saag elke dag sy hou vir my, Ma
ek wil nie hê jy moet jouself in die bad of in die bottle verdrink nie
jy's te mooi vir dit, Ma
en ek het geleer om vuil wasgoed te was
toe ek weg was, Ma
hier's hulle, Ma.*

Voor ete

Jaco-Louis Venter

Elke Sondag voel ek soos S.J. Pretorius se "Ek" in Die Kranksinnige. My "gek" stort egter ineen en ek probeer nie eers meer teen hom veg nie. Ek weet daar is net een medikasie wat werk en daarvoor moet ek nog wag; dis skaars 12:30.

Hy staar na my leerwerk op die lessenaar en sug mistroostig. Die kamer is soveel keer al reg gepak dat dit lyk soos weermagbasis-barakke. Hy kyk verveeld deur die kamervenster. My kamervenster. Hy wil vloek, maar ek keer die vokale wat na die uitgerekte frikatiewe klank wil volg. Hy voel altyd die lewe is onregverdig.

"Wie wil nou regtig op 'n Sondag leer?" vra hy my.

"Ek. Jy moet maar probeer."

"Maar ek kry niks reg nie, jy kan mos sien!"

"Jy probeer nie juis baie ..."

"Bly jy stil!"

Hy stap na die spieël. Kyk vas in my gesig. Wel 'n gesig wat baie na myne lyk. Dit is egter nors met diep fronslyne op die voorkop. Nie werklik ek nie.

"Hoekom moes jy bruin oë gekry het, ek hou nie daarvan nie."

"Wel ek doen en jy het nie nodig om in die spieël te kyk nie."

Hy kyk weer na die tyd. 12:35. Die skaapboud in my ma se oond pomp mondwaterende geure die hele huis in. My maag grom saam met syne.

Ek kan met hom praat en soms sy kort humeur stuit, maar ek is meer magteloos as wat ek graag dink. Hy kom altyd op 'n Sondag hierdie tyd



dolos

te voorskyn. Veral in die eksamens, wanneer ek wil leer. Hy gee nie regtig om oor wat die drie stappe van aerobiese respirasie in die mens is nie en hy wil beslis nie weet watter eetversteurings mens als kan kry nie. Hy gee nie om oor onkunde nie. Iets wat ek nie kan verstaan nie. Ek hou van leer.

Hy tel die aantal bladsye wat hy nog moet leer. Presies soveel soos tien minute gelde. Hy wil ontplof. Hy wil my bed aanval of my stoel omgooi of net sy spiere in frustrasie span. Ek tik hom op die skouer.

“Dis onnodig.”

“Los my uit. Niemand het jou gevra nie.”

“Reg, ek sal nie weer pla nie.”

Hy kalmeer tog ietwat. Hy is nie noodwendig onredelik nie. Nie as ek sy gewete speel nie. Myne is mos goed genoeg ontwikkel vir ons albei. Soms moet ek wel terugstaan en hom sy gang laat gaan. Ek weet dit is net tydelik.

Hy probeer halfhartig leer oor planttaksonomie, gee moed op en staar weer na buite terwyl hy heen en weer op my lessenaarstoel se wiele ry. Ek kyk na die suikerbekkie wat aan die blomme van die ... van die ...

“Wat is die plant nou weer?” wil ek weet.

“Wie gee om? Dis irrelevant.”

Ek weet beter as om nou te stry. Net nog 'n paar minute.

My ma kom teen 12:58 tot my redding met “Jaco-Louis, kom eet.” Hy staan op en loop tot op die stoep. Die skerp sonlig pla hom. Hy hou daarvan om nors te wees en te kla.

Hy gaan val neer in die stoel langs my ouma. Sy vra hom hoe my werk vorder. Hy mompel iets wat ek nie eers hoor nie, maar ek kry hom sover om te sê dat dit vorder. Ek kan hom egter nie oortuig om te glimlag nie. Kon nog nooit nie.

As my ma vir hom die bord aangee, gee hy voor dat hy nie omgee nie. Ek weet egter hy is so honger soos ek.

Met die gebakte aartappels bly hy steeds op die voorgrond, maar ek raak sterker. Met die pampoen en ook die patats raak ek wakkerder en sy oë knip-knip. Met die skaapboud is hy amper aan die slaap en ek byna terug. My ma wag tot die sagopoeding hom sag-sag laat slaap en my 'n nuwe lewe gee voor sy haar wet bevestig: Jaco-Louis is sy ou self 20 minute na ete begin het.

Die ander een is verlore in sy hibernasie wat weer eers volgende Sondag verbreek sal word. Wanneer die tyd tussen ontbyt en middagete te lank raak vir my.

dolos



Die tweede dans

Neline Labuschagne

*Wentelend Kantelend: om en om
draai 'n blougroen albaster om die son,
saam met tyd wals sy langsaam aan
in 'n ineengevlegde wentelbaan.*

*Tree na tree laat die kosmiese dans
seisoene vergaan, en die son sak saans;
terwyl fusie en fisie in ons ster uitwoed
om planete te verhit en lewe te voed.*

*Ook die maan bly om en om die aarde draai
terwyl hy seker maak dat sy nooit kan raai
wat hy werklik agter sy rug versteek
in die stilte wat sy nooit meer breek.*

*Maar ons is hierbinne vasgekeer
op 'n sterwend planeet
waar geslag na geslag met swaar voetstappe
die wereld gestoot het*

*tot by die brink
van 'n ramp,
totdat ons uiteindelik wakker geskrik het
en in koue ang
die strate gevul het met krete van
dit is te laat.*

*Maar ek kyk op in die aande en ek besef
dat die sterre se hoop ons sorg oortref,
want in die kosmos wat ons nooit sal kan meet
is daar oneindig baie wat ons nogsteeds nie weet*

*as die ander kan ophou dans om rykdom
kan ons soek en op 'n antwoord afkom
wat ons sal wegstuur tussen die sterre in,
wat ons sal meevoer na 'n nuwe begin.*

*Ons sal wentel en kantel om 'n nuwe son,
en verwonderd kyk hoe 'n vreemde maan opkom,
ons sal in die velde van 'n nuwe wêreld dans
en ons sal verheug wees op 'n tweede kans.*



dolos



Agter van links na regs: Jaco-Louis Venter, prof. Hans du Plessis, Neline Labuschagne en prof. Bernard Odendaal.. **Voor:** Sisca Julius.



Agter van links na regs: Armand Botha, Sulé Steenkamp, Christelle Meyer, Elanah Engelbrecht, Neline Labuschagne, en Jaco-Louis Venter.

Voor van links na regs: Talitha Louw, Sisca Julius en Alex v H-Weich.

Afwesig: Inneke Streicher.

dolos



DOLOS

Afrikaanse Taal en Literatuur UV

www.ufs.ac.za